1. Kwartaal 1

    1. Kleursimboliek
    2. Musiek beeld emosie uit
    3. Werkswinkelmetode
    4. Positiewe en negatiewe gevoelens

2. Kwartaal 2

    1. Rockmusiek
    2. Stereotipering en diskriminasie
    3. Dans en gestremdheid
    4. Vooroordeel en stereotipering in die massa-media

3. Kwartaal 3

    1. Dans met die fokus op gestremdes
    2. Visuele kuns in die identifisering van die skending van menseregte
    3. Polifonie in Afrika-musiek
    4. Om menseregte na te vors

4. Kwartaal 4

    1. Om 'n opwarmingsroetine te skep
    2. Jazz-dans
    3. 'n Definisie van populere kultuur

KUNS EN KULTUUR

Graad 8

PERSOONLIKE EN SOSIALE VAARDIGHEDE

Module 1

Kleursimboliek

VISUELE KUNSTE

Inleidende aktiwiteit (groepwerk)

Kleursimboliek (voorbeeld: Zoeloe Liefdesbrief)

Kleur het ‘n menigte simboliese betekenisse. Verskeie kultuurgroepe heg verskillende waardes aan onderskeie kleure. So het daar baie jare gelede ‘n vorm van kommunikasie ontstaan wat berus het op spesifieke kleurwaardes, m.a.w. amper ‘n soort kleurwoordeboek. Vanaf ‘n Portugese handelstasie in Delagoabaai (Port Elizabeth) is glaskrale na die eertydse Zoeloeland versprei en later deur Europese handelaars wat daar gaan bly het. Wanneer jong Zoeloemans die huis verlaat het om op verafgeleë plase of dorpe te gaan werk, moes hulle geliefdes tuis noodgedwonge ‘n sisteem van simboliese kleurwaardes ontwikkel om te kon kommunikeer aangesien hulle geen kennis van briefskryf gehad het nie. So het die Zoeloe Liefdesbrief ontstaan. Eers is die verskillende kleure krale slegs aanmekaar geryg om ‘n lang string te vorm en is dan van bo na onder ‘gelees’. Maar later het die string ‘n dekoratiewe vierkant geword en moes dit van buite af na binne ‘gelees’ word.

Vandaar dus die ‘woordeboek’, elke kleur met ‘n ander betekenis. Hierdie betekenisse het van area tot area verskil, maar was oor die algemeen baie dieselfde.

Van die bekendste en algemeenste betekenisse (sien

voorbeeld op volgende bladsy):

- **ROOI**: intense liefde (‘my heart bleeds for you’)
- **SWART**: smart/ eensaamheid/ teleurstelling (‘my heart has become as black as the rafters of the roof, as I hear you have another maiden’)
- **GROEN**: jaloesie/ siek van liefde (‘I have become as thin as a blade of new grass from pining for you’)
- **DEURSIGTIG**: twyfel/ onsekerheid (‘you are like the grasshopper, springing from bush to bush’)
- **BLOU**: hoop/ kalmte/ trou (‘if I were a dove, I would fly the endless skies to you’)
- **WIT**: reinheid/ trou/ vrede/ ware liefde

Voorbeeld van ‘n Zoeloe Liefdesbrief:



Kyk na die Zoeloe Liefdesbrief hierbo, asook die Zoeloe verklarings van die kleure en bespreek dit in jou groep. Besluit in die groep wat die brief probeer oorvertel. Onthou om dit van buite na binne te lees!

Deel julle storie met die res van die klas.

Tuiswerkopdrag

Hieronder volg ‘n voorbeeld van so ‘n kleurwaarde-tabel. Gaan hoor by mense of familielede in jou eie gemeenskap of omgewing watter waardes hulle aan hierdie kleure koppel en som dit in die onderstaande tabel op:

LU 3.2

KLEUR	POSITIEWE WAARDE	NEGATIEWE WAARDE
Swart		
Blou		
Groen		
Wit		
Rooi		

Aktiwiteit 1 (individueel)

Naamontwerp

- Neem jou voornaam en kies ‘n lettertipe (tipografie) daarvoor om by jou persoonlikheid te pas.
- Kyk eers na die verskillende maniere waarop die letter **L** op die volgende bladsy geskryf is. Eksperimenteer dan met ‘n paar lettertipes voordat jy op ‘n spesifieke een besluit. Sorg dat die lettertipe by jou persoonlikheid pas!

Vrolik



Formeel

Hartseer



Prettig

Gespanne

- Gebruik die lettertipe wat jy gekies het om jou hele naam mee te skryf.
- Gebruik nou oliepastelle om kleur in die naamontwerp te bring. Maak ook gebruik van toonwaardes (lig en donker) en teksture om die letters interessanter te maak. Die kleure wat gebruik word vir die naamontwerp, moet ook volgens jou persoonlikheid gekies word. Ons noem dit **arbitrêre kleurgebruik**, m.a.w. waar kleur volgens emosionele waarde gekies en gebruik word. So hoef die son dus nie geel te wees nie, maar kan bloupers wees om byvoorbeeld ‘n somber bui oor te dra.

LU 3.7

Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 3
deelname en samewerkingDie leerder is in staat om persoonlike en sosiale vaardighede te toon deur individueel en in groepe aan kuns- en kultuuraktiwiteite deel te neem.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
ALGEMEENtov 3.1 – 3.3 hieronder, die volgende toon:
3.1 entrepreneursvaardighede deur saam te werk om kunswerke te bemark beoefen;
3.2 tydsduur en selfdissipline toepas om by sperdatums te hou;
3.3 opleiding en loopbane op die gebied van kuns en kultuur (gebaseer op navorsing en terreinbesoeke) verken en bespreek;
3.4 werk saam met:3.4.1 interdissiplinêre aanbiedings te organiseer en doeltreffende organisasievermoëns en –vaardighede rondom beplanning, bestuur en bemarking te toon;
3.4.2 take en verantwoordelikhede doeltreffend te deel, bv. deur verskillende rolle in groepprojekte te speel;
VISUELE KUNS3.8 navorsing oor die kunste kan doen en dit met ander deel;

Musiek beeld emosie uit

KUNS EN KULTUUR

Graad 8

PERSOONLIKE EN SOSIALE VAARDIGHEDE

Module 2

MUSIEK BEELD EMOSIE UIT

Aktiwiteit 1 (Individueel en groep)

1. Musiek beeld emosie uit met behulp van woorde

Luister na die lied.

2. Musiek beeld emosie uit deur die musiek self

Lees *I Want to be Happy* deur en beantwoord die vrae:

1. Watter emosie word hier uitgebeeld?

1. Watter kleur word hier verbind met “ongelukkigheid”?

1. Watter akkoord word gebruik om

"ongelukkigheid" te beskryf in musiek?Majeur of mineur? Juffrou kan die twee verskillende akkoorde op die klavier demonstreer).

1. Kan ek self besluit hoe ek voel?

1. Watter faktore beïnvloed emosie?

1. Het ek 'n invloed op ander mense se gemoedstoestand? Motiveer.

- Sing die lied.
- Lees die volgende gedeelte van *Close Every Door* uit die musiekblyspel *Joseph and the Amazing Technicolor Dreamcoat.* Juffrou kan die melodie voorspeel en julle kan dit sing.



Watter tipe emosie wek hierdie lied?

Hier volg ‘n “foutiewe” weergawe van dieselfde lied ten opsigte van die musiek.Juffrou kan dit voorspeel, terwyl julle dit sing.



Wat is die verskil?

In die eerste voorbeeld klink die musiek “meer hartseer” (negatiewe emosie) aangesien dit in ‘n **mineur toonsoort** is.Wanneer die musiek in ‘n **majeur toonsoort** is, is dit vroliker (positiewe emosie).

Onderstreep die korrekte antwoord:

Met verwysing na “Only Hope”, waar hoop uitgebeeld word, behoort die lied in ‘n majeur / mineur toonsoort te wees.

- Sing weer *I Want to be Happy* en *Close every Door*.Noem die verskille in hierdie twee liedere.

Aktiwiteit 2

Die musiekblyspel *District Six* van David Kramer en Taliep Petersen kan beskou word as volksbesit! Dit is vir die eerste keer in 1987 uitgevoer. Dit handel oor die geskiedenis van die woonbuurt Distrik Ses, geleë in die Bo-Kaap. Hierdie veelrasssige buurt het aanvanklik Kleurlinge, Indiërs, swart- en witmense gehuisves. Toe dit as wit area verklaar is in 1966 is almal wat daar gewoon het geforseer om uit te beweeg. Namate die mense uit die huise getrek het, het stootskrapers alles plat gestoot. Lees gerus meer oor hierdie woonbuurt wat reeds in ±1867 ontstaan het en lê dit voor aan die klas.

Dié musiekblyspel beskryf die mense en gebeure van Distrik Ses.Hier volg gedeeltes van lirieke uit hierdie musiekblyspel. Lees dit deur, luister na opnames en voltooi dan die vraelys:

- ‘n Musiekblyspel is ‘n toneelstuk waarin die mens in sy kleinheid, dwaasheid en ydelheid m.b.v. musiek uitgebeeld word(komedie) Dit sluit in toneelspel, musiek en sang, danse, dekor en kostuums.

My Broertjie my Bra’ uit die musiekblyspel DISTRICT SIX (David Kramer)

He never knew his dada
His mamma never kissed him
No-one ever loved him
No-one ever missed him
My broertjie my bra'
Only nine years old
Ran away from home
Struggles on his own
Outside in the cold

Broertjie: uitgespreek broe-chie

Bra': afkorting vir "brother"

Hierdie lied is die verhaal van ‘n 9-jarige koerantverkopertjie wat op sy eie oor die weg moet kom – hy het nie ‘n huis en ouers nie en besteel ander om ‘n bestaan te voer.

New Year!

NEW YEAR
EV'RYBODY'S HAPPY
THIS IS NEW YEAR
ALL THE PEOPLE FULL OF LIFE
LET'S CELEBRATE
FORGET ALL YOUR TROUBLES TODAY

Hierdie lied is ‘n tipiese weergawe van die Kaapse Klopse wat altyd die Nuwejaar se vrolikheid in Kaapstad vooruitloop – letterlik en figuurlik. Hierdie optogte word gekenmerk deur die kleurvolle blink

klere, dans en sang. Die instrumente wat tradisioneel gebruik word is ghitare, banjo's, tamboeryne ens.

- Luister na die twee liedere en vergelyk dit ten opsigte van die volgende:

- Maak ook gebruik van die volgende terme: warm en koue klankkleur, lig en donker, trapsgewys, spronge, legato, staccato, dig en minder dig (yl), forte, piano, ens.EmosieLiriekeMaatsoortTempoMelodie InstrumentasieStemmeBegeleidingTimbreTekstuurDin

- Die klas verdeel in twee groepe. Almal doen navorsing oor die agtergrond van die musiekblyspel *District Six* (Dit sluit in die woonbuurt as sulks en die geskiedenis omtrent Distrik Ses).Elke groep bespreek dan een van die liedere ten opsigte van die volgende stellings:

- Die musiek weerspieël die karakter van die lirieke.
- David Kramer en Taliep Petersen slaag daarin om emosie, atmosfeer en effek te verkry.
- Die lied dra by tot die algemene beskrywing van Distrik Ses.

- Luister ook na uittreksels uit ander musiekblyspele bv. *Kat and the Kings*, *Fairyland* (Kramer en Petersen); *Joseph and the Amazing Technicolor Dreamcoat* en *Cats* van Andrew Lloyd Webber asook *Grease*, ens. (Heelparty is ook in filmformaat).

- Maak 'n lys van liedere wat jy ken (of uit genoemde musiekblyspele) wat spesifieke emosies uitbeeld soos bv. woede, verlange, vrees, ens.

- Ek kan op verskillende maniere reageer op musiek:

Ek kan vrolik wees.	JA	NEE
Ek kan opgewonde wees.	JA	NEE
Ek kan verbaas wees.	JA	NEE

Ek kan hartseer wees.	JA	NEE
Ek kan bang wees.	JA	NEE
Ek kan kalm wees.	JA	NEE

	LU 3.6

Assessering

Leeruitkomstes(LUs) LU 3 deelname en samewerkingDie leerder is in staat om persoonlike en sosiale vaardighede te toon deur individueel en in groepe aan kuns- en kultuuraktiwiteite deel te neem. Assesseringstandaarde(ASe) Dit is duidelik wanneer die leerder:

ALGEMEENtov 3.1 – 3.3 hieronder, die volgende toon:
3.1 entrepreneursvaardighede deur saam te werk om kunswerke te bemark beoefen;
3.2 tydsduur en selfdissipline toepas om by sperdatums te hou;
3.3 opleiding en loopbane op die gebied van kuns en kultuur (gebaseer op navorsing en terreinbesoeke) verken en bespreek;
3.4 werk saam met:3.4.1 interdissiplinêre aanbiedings te organiseer en doeltreffende organisasievermoëns en –vaardighede rondom beplanning, bestuur en bemarking te toon;
3.4.2 take en verantwoordelikhede doeltreffend te deel, bv. deur verskillende rolle in groepprojekte te speel;
VISUELE KUNS3.8 navorsing oor die kunste kan doen en dit met ander deel;
MUSIEK3.7 navorsing oor die emosionele aspekte van musiek kan toon;

Werkswinkelmetode

KUNS EN KULTUUR

Graad 8

PERSOONLIKE EN SOSIALE VAARDIGHEDE

Module 3

WERKSWINKEL-METODE

DRAMA

Aktiwiteit 1

Werkswinkel-metode

- Nadat julle groepe gekies is en julle op ‘n KLEUR besluit het, moet julle begin skryf aan die teks. Die eerste leerder skryf ‘n woord of sin neer en die volgende leerder moet dit aanvul. Elkeen van julle moet ‘n sin skryf wat aanpas by die reeds geskrewe werk. Hierdie proses kan in twee of meer lesure aangebied word, sodat julle sinvolle werk kan skryf.

Aktiwiteit 2

- Nadat die teks voltooi is, moet julle BEWEGINGS uitwerk wat pas by die geskrewe sinne. Julle kan ‘n hele stel bou met kartondose en leë koeldrankkiste. Dit is altyd lekker om ‘n drie-dimensionele ‘VERHOOG’ te bou van niks af nie. Julle moet die verhoog op verskillende hoogtes bou, sodat dit meer interessant is vir die opvoering.

Aktiwiteit 3

- Veronderstel joune is die BLOU-groep, moet in gedagte gehou word dat twee emosies voorgestel kan word: hoop of wanhoop. Indien julle op HOOP besluit, moet die teks dit baie duidelik aandui. Begin bv. met ‘n sin soos: “Ek hoop ek kry werk vir die vakansie.”

Nou moet daar verder aan die sin gebou word. ‘n Ander voorbeeld is die boer wat sê: “Ek hoop my graan groei goed.” Dit is ‘n baie lekker voorstel, want dan kan julle die opvoering begin deur in klein bondeltjies te sit en stadig op te strek soos wat die plant groei. Elke plantjie moet woorde kry om te sê. Gepaste musiek hierby verleen atmosfeer, bv. stadige musiek om die groeiproses uit te beeld.

Aktiwiteit 4

- Julle kan blou materiaal gebruik om oor die verhoog te drapeer. Voeg daarby ‘n tikkie groen en bruin om die landerye voor te stel. Blare en takke van bome kan gebruik word.

In hierdie afdeling kan julle afwyk van die gewone kleure deur kleure ook te meng. Dit hoef nie noodwendig net blou of rooi of geel te wees nie. As jou emosies ‘n bietjie deurmekaar is, kan dit aangedui word deur verskillende kleure materiaal te gebruik wat jy om jou lyf kan drapeer, sodat die kyker dadelik kan sien in watter bui jy is.

Julle dialoog sal uiteraard by die aktiwiteite wat julle gaan aanbied, moet pas.

Aktiwiteit 5

- Nadat al die groepe hulle verskillende take afgehandel het, en die skryfwerk gedoen is, kan daar nou met mening aan die produksie gewerk

word. Onthou dat julle enige tyd ook gebruik kan maak van dansbewegings, of rek- en strekbewegings, of enige ander beweging wat pas by jou onderwerp. Uitbundige beweging sal gebruik word by rooi en geel, groen en pers. Dit beteken nie dat jy op en af moet spring nie! Met beweging word daar gekyk na groot liggaamlike bewegings asook kleiner, intiemer bewegings, bv. hand-gebare, opkyk na die lug, ineenvou en gaan lê op die verhoog.

Aktiwiteit 6

- Die woorde van julle tekste moet teen hierdie tyd gememoriseer wees. Julle is almal vertroud met die inhoud van julle tekste en elkeen weet waarheen hy beweeg en wat die klimaks van die produksie gaan wees. Onthou: elke improvisasie moet ‘n BEGINPUNT, ‘n MIDDELPUNT en ‘n KLIMAKS hê! Gewoonlik het die aanbieding ‘n gelukkige einde (klimaks). Probeer om julle storie ook so uit te werk.

Aktiwiteit 7

- Nou is dit tyd vir die opvoering en gaan daar gekyk word na julle kreatiewe vermoëns, skryfvaardighede en die samestelling van ‘n geloofwaardige improvisasie. Die storie MOET die kyker boei, anders gaan julle geen aandag

van die gehoor kry nie. Probeer om gesond te kompeteer met die res van die klas en GENIET DIT! Improvisasie stel julle in staat om vir ‘n verandering ‘n ongewone opdrag sonder inhibisies uit te voer!

- Bogenoemde improvisasie kan voor die res van die skool opgevoer word – teen ‘n geringe fooi!

Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 3
deelname en samewerkingDie leerder is in staat om persoonlike en sosiale vaardighede te toon deur individueel en in groepe aan kuns- en kultuuraktiwiteite deel te neem.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
ALGEMEENtov 3.1 – 3.3 hieronder, die volgende toon:
3.1 entrepreneursvaardighede deur saam te werk om kunswerke te bemark beoefen;

3.2 tydsduur en selfdissipline toepas om by sperdatums te hou;
3.3 opleiding en loopbane op die gebied van kuns en kultuur (gebaseer op navorsing en terreinbesoeke) verken en bespreek;
3.4 werk saam met:3.4.1 interdissiplinêre aanbiedings te organiseer en doeltreffende organisasievermoëns en –vaardighede rondom beplanning, bestuur en bemarking te toon;
3.4.2 take en verantwoordelikhede doeltreffend te deel, bv. deur verskillende rolle in groepprojekte te speel;
VISUELE KUNS3.8 navorsing oor die kunste kan doen en dit met ander deel;
MUSIEK3.7 navorsing oor die emosionele aspekte van musiek kan toon;
DRAMA3.6 navorsing oor informele teater kan toepas;
DANS3.5 navorsing oor loopbaanmoontlikhede in dans kan doen en dit kan deel.

Positiewe en negatiewe gevoelens

KUNS EN KULTUUR

Graad 8

PERSOONLIKE EN SOSIALE VAARDIGHEDE

Module 4

POSITIEWE EN NEGATIEWE GEVOELENS

DANS/ BEWEGING

Die dans kan die visuele kuns, musiek en drama deur die volgende aktiwiteite aanvul en komplementeer.

Opwarming

Opwarming behoort toenemend en gereeld gedoen te word. Opwarming behoort die liggaam van beserings te vrywaar, soepel te maak, in stand te hou en ook tegniese vaardigheid ontwikkel. Bewegingskombinasies en bewegingssekwense behoort deel te wees van opwarmingsoefeninge.

Volg die opvoeder se leiding wanneer ‘n reeks opwarmingsoefeninge aan jou voorgestel word. Onthou herhaling van sekwense en korrekte plasing van die liggaam is ten alle tye van belang om die liggaam te kondisioneer, soepel te maak en vaardighede te ontwikkel.

Jy sal ook die geleentheid kry om jou eie kombinasies en sekwense te skep wat ontwerpelemente vir choreografie sal insluit soos vinnig, stadig, lig, vloeiend, rukkerig, hoog, laag en stil of rustig, sal insluit.

Dansopwarming en -oefeninge wat gereeld en doelgerig uitgevoer word, kan ook jou liggaam voorberei en versterk vir jou gunsteling sportsoort.

Aktiwiteit 1

- Maak ‘n lys in jou joernaal van positiewe en negatiewe woorde wat verband hou met gevoelens en emosies soos bv.*vreugde, eensaamheid, liefde, haat, woede,* ens.

- Vind ‘n kleur wat elkeen van hierdie emosies of gevoelens fisies uitdruk. bv.:Laat geel jou *gelukkig* voel, wil jy vinnig of stadig beweeg, wil jy spring of maak dit jou lui?Laat blou jou *eensaam* voel, wil jy krimp of strek, voel jy neerslagtig, mal, uitgelate of teruggetrokke? **Verken en ervaar die kleure deur middel van beweging**.

- Julle kan almal om die beurt julle woorde of kleure wat **gevoel** of **emosie** uitdruk, met mekaar deel.Reageer onmiddellik en spontaan op die woord - sonder om te veel daaraan te dink - deur ‘n gepaste beweging.Herhaal verskeie kere. Julle kan selfs in mekaar se eie ruimte inbeweeg en kontak maak (sonder om mekaar seer te maak) om die gevoel van die woord uit te beeld.
- Skep ‘n eie storie in groepe of pare en hou ‘n “bewegingsgesprek”. Verken verskillende bewegingstipes soos lokomotoriese en nonlokomotoriese bewegings.

Selfassessering / Nabetragting (Vir optekening in

jou dagboek of joernaal)

1. Kon jy sonder inhibisies jou verbeelding gebruik? Wat was maklik en wat was moeilik?
2. Het jy van lokomotoriese en nonlokomotoriese bewegings gebruik gemaak?
3. Was jy bang of nie bang om skeppend te dink?
4. Het jy van die verskillende ontwerpelemente gebruik gemaak om te skep?
5. Van watter ontwerpelemente het jy nie gebruik gemaak nie?
6. Was jy bereid om kanse te waag deur jou verbeelding vrye teuels te gee?

	LU 3.4						

Algemene navorsingstaak

- Stel ondersoek in na die loopbaangeleenthede in die onderskeie kunsdissiplines Dans, Drama, Musiek en Visuele Kunste.

Konsentreer op die volgende aspekte:

- Beskikbare opleidingsmoontlikhede
- Werksgeleenthede en toeganklikheid (plaaslik en oorsee)

- Finansiële implikasies
- Bevorderingsmoontlikhede

Bogenoemde inligting kan o.a. gevind word

- in biblioteke
- op die Internet
- d.m.v. onderhoude of praatjies met praktiserende kunstenaars
- op die televisie

Na voltooiing van jou navorsingstaak, moet dit by jou opvoeder ingehandig word vir assessering.

- Die inligting wat jy versamel het, kan nou in ‘n klasdebat gebruik word. Die klas word in vier groepe verdeel en elke groep sal een kunsdissipline verteenwoordig en verdedig.

Assessering

Leeruitkomstes(LUs)	
LU 3	
deelname en samewerking	Die leerder is in staat om

persoonlike en sosiale vaardighede te toon deur individueel en in groepe aan kuns- en kultuuraktiwiteite deel te neem.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
ALGEMEENtov 3.1 – 3.3 hieronder, die volgende toon:
3.1 entrepreneursvaardighede deur saam te werk om kunswerke te bemark beoefen;
3.2 tydsduur en selfdissipline toepas om by sperdatums te hou;
3.3 opleiding en loopbane op die gebied van kuns en kultuur (gebaseer op navorsing en terreinbesoeke) verken en bespreek;
3.4 werk saam met:3.4.1 interdissiplinêre aanbiedings te organiseer en doeltreffende organisasievermoëns en –vaardighede rondom beplanning, bestuur en bemarking te toon;
3.4.2 take en verantwoordelikhede doeltreffend te deel, bv. deur verskillende rolle in groepprojekte te speel;
VISUELE KUNS3.8 navorsing oor die kunste kan doen en dit met ander deel;
MUSIEK3.7 navorsing oor die emosionele aspekte van musiek kan toon;
DRAMA3.6 navorsing oor informele teater kan toepas;
DANS3.5 navorsing oor loopbaanmoontlikhede in dans kan doen en dit kan deel.

Rockmusiek

KUNS EN KULTUUR

Graad 8

UITDRUKKING EN KOMMUNIKASIE

Module 1

ROCKMUSIEK

MUSIEK

Aktiwiteit 1

Om rockmusiek te kan geniet en die gebruik van instrumente daarin te bespreek

- Luister na gedeeltes uit vyf opnames en beantwoord die vrae:

- Waar dink jy sou jy die onderskeie voorbeelde hoor?
- Dink jy die musiek is outyds of modern?
- Is dit vokaal en /of instrumentaal?
- Watter tipe instrument/e is op die voorgrond (kan jy hoor)?
- Sou die musiek vir dans gebruik kon word?
- Watter tipe dans dink jy?

- Vergelyk die instrumentasie van die volgende voorbeelde deur met regmerkies aan te dui watter instrumente gebruik word.

	Voorbeeld 1	Voorbeeld 2	Voorbeeld 3
Strykinstrumente			
Houtblasers			
Trompet of saxofoon			
Elektriese ghitaar			
Tromme			

“Rock het gekom om te bly!”

As jy gedink het Rock is beperk tot tienergehore, maak jy ‘n groot fout. Glo dit as jy wil: Rock was reeds daar in jou ouers (en dalk ouma en oupa) se tyd!

Rockmusiek het ontstaan teen ongeveer 1950, kort na die Tweede Wêreldoorlog as deel van ‘n populêre jeugkultuur. Gevolglik is die “ouer” luisteraars se musieksmaak reeds tóé gevorm. Baie van die hedendaagse musikante maak vandag nog gebruik van idees wat hulle verkry uit die musiek van bv. Chuck Berry, Elvis Presley, Bob Dylan, Beatles en Jimi Hendrix.

Die eerste Rockmusiek was “Rock and Roll”!

Dit het ontwikkel in verskeie strominge soos “Disco”, “Folk/Country”, “Hard Rock”, “Pop Rock”, “Grunge”, “Punk”, “New Wave”, “Reggae”, “R&B”, “Soul”, “Soft Rock”, “Psychedelic”, “Garage”, “Europop”, “Rap”, “Heavy Metal”, “Alternative Rock”, “Techno”, ens.

Wat is die tipiese samestelling van ‘n Rockgroep?

- Luister nou na Rock uit die verskillende dekades.

Is daar ‘n ooreenkoms ten opsigte van instrumentasie?

- Dui met regmerkies aan watter instrumente teenwoordig is.

ROCKMUSIEK BASIESE SAMESTELLING VAN ‘N ROCKORKES	50’s	60’s	70’s	80’s	90’s	2000
Elektriese ghitare met versterkers						
Tromstel						
Sanger en mikrofoon						
Klawerbordinstrumente						
Ander						

GEVOLGTREKKING:

In populêre jeugmusiek, spesifiek Rockmusiek, is daar

'n spesifieke patroon | geen spesifieke patroon nie

ten opsigte van die gebruik van instrumente die afgelope ongeveer 50 jaar.

- Verdeel in groepe en hou ‘n dinkskrum. Probeer so ver as moontlik konsensus bereik voordat julle die onderstaande voltooi. Onthou daar is nie noodwendig ‘n korrekte antwoord nie!

- Voltooi dan deur die toepaslike blokkie te merk!

• Rockmusiek word deur mans bespeel	JA	NEE	MEESTAL
• Indien daar vrouens is die groepe se hulle beperk tot klawerbordinstrumente.	JA	NEE	MEESTAL
• Tromme word deur mans bespeel	JA	NEE	MEESTAL

Die groepe vergelyk hul antwoorde.

Tuiswerkopdrag:

Verkry inligting uit tydskrifte, internet, orkeste van die omgewing, video-opnames, televisie, ens. om

julle samevattings te staaf of verkeerd te bewys!

- Luister gerus na *Ek kan Rock in my Taal*, gesing deur Karin Zoïd en Amanda Strydom.

Aktiwiteit 2

Om die kultuur van rockmusiek te bespreek met verwysing na die benutting van instrumente en deelname deur mans en vrouens

Rockmusikante het ‘n nuwe jeugkultuur gevestig! Nie net in musiek nie maar ook in:

Modes – dink maar aan die modes vandag en in die sestigs.

Uitdrukkings – peace, dis cool!

Denkwyses – vryheid en rebelsheid; politieke voorkeure, ens.

Sedert die 50’s is lirieke veral gebaseer op liefde, seksualiteit, identiteitskrisisse, persoonlike vryheid en ander kwessies, tiperend van tieners.

Mettertyd word rasseverhoudings, ekonomie, politieke en kulturele voorkeure ook gewild. Voorbeelde: Blowin’ in the Wind – Bob Dylan

Talk to the people – Johnny Clegg en Savuka (SA)

Vanaf die ’80’s word ook verbode onderwerpe soos "drugs", depressie en selfmoord aangeraak, sowel as sosiale kwessies soos omgewingsbewaring, aborsieregte en VIGS.

Tans is die lirieke van die Amerikaanse hip-hop-kultuur meestal aggressief en gewelddadig (Gangsta Rap), terwyl die Suid-Afrikaanse eweknie, kwaito, dikwels die gevolge van swak gewoontes soos bv. dwelms, misdaad en selfs luiheid aanspreek.

- Lees die gegewe gedeeltes uit die volgende lirieke.

Verdeel in vyf groepe sodat elke groep een lied hanteer.

Luister na die lied terwyl jy konsentreer op die

LIRIEKE.

Die groep bespreek die sewe vrae en vul dan die antwoorde in.

1. Wat is die boodskap van die lied?
2. Watter emosies word uitgedruk?
3. Is daar enige spesifieke patroon ten opsigte van rym?
4. Toon die lied enige literêre, politiese, historiese of kulturele verbintenisse?
5. Hoe dra hierdie verwysings by tot die lied se betekenis?
6. Spreek die lied enige sosiale kwessies aan?
7. Sou jy sê dit is ‘n tipiese onderwerp vir rockmusiek? Motiveer jou antwoord.

- Bespreek die musikale elemente wat gebruik word, soos byvoorbeeld die instrumentasie, vokale styl, melodie, ritme, vorm, ens.

Beantwoord dan die vrae:

- Beklemtoon hierdie elemente die betekenis wat jy vroeër onderskei het?
- Is dit die styl wat jy verwag het van die lirieke?
- Wat is die patroon t.o.v. vorm in hierdie lied?

- Die vyf groepe (hele klas) vergelyk nou hul antwoorde. Kies ‘n leier in elke groep wat die bespreking doen. Luister elke keer na ‘n gedeelte van die lied wat bespreek word.

- Wat het hierdie liedere in gemeen?
- Lees die volgende stellings:

VRAAG:

Dink jy Rockmusiek het dieselfde pad geloop as Klassieke en Afrikamusiek en dat dit eers net deur mans beoefen is?

Aanvullende Aktiwiteit

Skryf julle eie lirieke op die melodie van ‘n lied wat jy ken. Leerders kan dan die geleentheid kry om ‘n Karaoke-lesuur te geniet. Speel “Backtracks” van die lied, terwyl die nuwe lirieke daarmee saam voorgedra word. Besluit vooraf op ‘n spesifieke tema.

Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 4
skepping, interpretasie en aanbiedingDie leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
MUSIEK
4.5 geslags- en/of kulturele stereotipering in lirieke en die gebruik van instrumente in die verlede en die hede kan identifiseer en verduidelik;

Stereotipering en diskriminasie

KUNS EN KULTUUR

Graad 8

UITDRUKKING EN KOMMUNIKASIE

Module 6

stereotipering en diskriminasie

DRAMA

Aktiwiteit 1

Om ‘n storie te ontwikkel wat die probleme van stereotipering en diskriminasie uitlig, en om die storie voor te dra

STAP 1

- Nadat julle onderwyser vir julle verduidelik het wat in hierdie leereenheid gaan plaasvind, moet julle besluit watter “medium” julle gaan gebruik. As julle byvoorbeeld die RADIO gebruik, is daar sekere dinge waarmee ‘n mens rekening moet hou. Onthou dat die luisteraars julle nie kan sien nie, m.a.w. die rol van elke karakter moet verbaal so goed as moontlik uitgedruk word sodat die luisteraars onmiddellik kan aflei in watter bui die karakter is.

As julle op televisie besluit, moet die RUIMTE wat gebruik word, nie te groot wees nie.

As julle iets wil uitbeeld soos BEELDHOUWERK, moet daar meer ruimte wees.

STAP 2

- Julle moet nou die storielyn kies wat julle wil uitbou en waaroor julle ‘n teks gaan skryf. Onthou altyd, ons moet KLEUR in gedagte hou wanneer ons die karakters kies. Die karakter se bui word deur ‘n kleur weerspieël. Julle onderwyser het reeds vir julle die voorbeelde

gegee waaruit julle kan kies. Julle moet sommer dadelik aan die werk spring en die teks begin skryf. Teen hierdie tyd weet julle reeds hoe dit werk. Hou altyd al julle aantekeninge in julle werkboeke. Julle mag ook ‘n ADVERTENSIE uitbeeld wat enige van die voorgestelde onderwerpe uitbeeld. Dit kan oor die radio wees, of op televisie of selfs in die vorm van die klei!

STAP 3

- As daar op die radio besluit is, moet die karakters onthou dat wanneer ‘n mens oor ‘n mikrofoon praat, jy nie té hard of té sag moet praat nie. Hou in gedagte dat die karakters van ver af na die mikrofoon toe kan stap en praat. As jy iemand wil roep, sal jy ver van die mikrofoon af staan. As jy met iemand wil raas, moet dit ook op ‘n afstand gedoen word. Jy MAG jou teks by jou hê wanneer jy radiowerk doen. Julle moet probeer om so natuurlik as moontlik oor die mikrofoon te “praat”.

STAP 4

- Wanneer ons BEELDHOUWERK doen, kan ‘n paar leerders van die groep deel wees van die beeld, terwyl ‘n paar ander, wanneer die “beeldhouer” sy voorstelling voltooi het, daaraan verander. Julle kan ‘n hand of voet of

hele liggaam in ‘n ander posisie plaas as julle dink dat dit beter sal lyk, of dat dit die “storie” beter sal uitbeeld.

Alle tekste is teen hierdie tyd al klaar geskryf en waar nodig, ken almal reeds hulle woorde!

Daar is ook reeds besluit op kostuums en watter kleur elke kostuum gaan wees. Indien julle van rekwisiete gebruik gaan maak, moet dit ook nou gereed wees.

STAP 5

- Julle kan baie maklik ‘n onderonsie tussen mekaar uitbeeld d.m.v. die klei-metode. Gebruik jou verbeelding om iets interessant uit te dink. In die geval van die televisie, moet daar ’n **kameraman, beligtingsbeampte en ‘n regisseur** wees. Julle kies self wie dit gaan wees. Gebruik enige iets vir die kamera. ‘n Kamera wat uit karton gemaak is, sal goed werk. Julle moet tydens repetisies sorg dat julle altyd dieselfde bewegings op dieselfde tyd doen. Daar mag nie kort-kort veranderinge plaasvind nie.

STAP 6

- Nou is dit tyd vir die groot oomblik wanneer julle groep saam met julle klasmaats gaan kyk wie se improvisasie en storie die beste is. Julle

kry punte vir : oorspronklikheid, gebruik van verbeelding, effektiewe gebruik van ruimte, goeie taalgebruik, goeie stemwerk, samespel en samewerking. Geniet dit!

Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 4
skepping, interpretasie en aanbiedingDie leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
MUSIEK
4.5 geslags- en/of kulturele stereotipering in lirieke en die gebruik van instrumente in die verlede en die hede kan identifiseer en verduidelik;
DRAMA
4.3 stereotipering volgens ouderdom, geslag, klas en kultuur in stories, teater, film, op televisie en oor die radio in die verlede en die hede kan identifiseer; en
4.4 ‘n kort skets of toneeltjie kan ontwikkel om die

probleme van stereotipering, diskriminasie en vooroordeel in die skool of plaaslike gemeenskap te beklemtoon;

DANS

4.1 anders geskikte mense en inklusiwiteit in dans verstaan en daaroor kan praat;

4.2 die rolle tradisioneel aan verskillende geslagte in dans toegeken, kan debatteer deur verskillende oogpunte te herken en uit te druk;

VISUELE KUNS

4.6 kommunikasie binne die verskillende vorms van massa-media kan sien en analiseer en ooglopende en versteekte boodskappe, vooroordele, stereotipering of propaganda kan identifiseer.

Dans en gestremdheid

KUNS EN KULTUUR

Graad 8

UITDRUKKING EN KOMMUNIKASIE

Module 7

DANS EN GESTREMDHEID

DANS

In hierdie leereenheid sal elkeen gelei word om

gestremdheid te verstaan en, wat die dans betref, te bespreek. Julle sal ook kan debatteer oor die verskillende tradisionele geslagsrolle in dans deur verskillende standpunte daaroor te identifiseer.

Aktiwiteit 1

Om korrek vir dansoefeninge op te warm

- Voordat jy kan begin om jou dansroetine te skep, moet jou liggaam goed opgewarm word om beserings te voorkom en ook om jou voor te berei op die aktiwiteit wat gaan volg.
- Hierdie opwarmingsoefeninge kan op die maat van musiek gedoen word. Kies musiek wat nie te vinnig is nie en waarop jy gemaklik kan beweeg.

Asemhalingsoefening

- Staan met jou voete heupwydte van mekaar af, arms langs jou sye.
- Asem in deur jou neus – lig jou arms op.
- Asem uit deur jou mond – laat sak jou arms en buig jou knieë terselfdertyd.
- Herhaal vier keer.

Nekopwarming

- Staan met jou voete heupwydte van mekaar af – arms langs jou sye.
- Laat sak jou kop vorentoe en afwaarts en lig

(herhaal agt keer).
- Draai jou kop van kant tot kant (regs na links) (herhaal agt keer).
- Draai jou kop van regs na links in ‘n semi-sirkel (herhaal agt keer).

Skoueropwarming

- Lig jou regterskouer op en af.
- Lig jou linkerskouer op en af.
- Lig en laat sak jou skouers om die beurt (herhaal agt keer).
- Draai jou regterskouer na agter.
- Draai jou linkerskouer na agter.
- Draai albei skouers na agter (herhaal agt keer).
- Draai jou regterskouer vorentoe.
- Draai jou linkerskouer vorentoe.
- Draai albei skouers vorentoe (herhaal agt keer).

Armopwarming

- Lig albei arms horisontaal reguit op na die kante en laat sak (herhaal agt keer).
- Lig albei arms horisontaal reguit skouerhoogte op, dan reguit op bo jou kop, terug na skouerhoogte en laat sak jou arms langs jou sye (herhaal agt keer).

Bolyfopwarming

- Staan met jou voete heupwydte van mekaar af – knieë effens gebuig – hande op heupe – hou

heupe vorentoe – draai bolyf na regs – terug na middel – draai bolyf na links – terug na middel (herhaal agt keer).

Beenopwarming

- Kyk vorentoe en tree na regs – voete en liggaam wys nog steeds na voor – tree na links (herhaal agt keer).

- Tree na regs – tel linkerbeen op – buig knie terug – lig voet na boud.
- Tree na links – tel regterbeen op – buig knie terug – lig voet op na boud.
- Herhaal agt keer.

- Tree regs – kyk vorentoe – lig linkerknie vorentoe op en sak.
- Tree links – lig regterknie vorentoe op en laat sak.
- Herhaal agt keer.
- Plaas voete van mekaar af – strek van kant tot kant – hou voete stewig op die vloer – hande op heupe (herhaal agt keer).
- Strek ("lunge") na regs en hou strekposisie vir agt tellings.
- Strek na links en hou strekposisie vir agt tellings.
- Staan met voete heupwydte van mekaar af – knieë gebuig – hande op heupe.
- Lig tone om die beurt – hou hakke op die vloer

(herhaal agt keer).
- Lig hakke om die beurt (herhaal agt keer).
- Loop op die plek vir sestien tellings.

Aktiwiteit 2

Om dans aan te wend sodat gestremdes dit kan waardeer

Ons ondersoek die beweging en kreatiwiteit van gestremde persone.

 Blinde persone

 Dowe of hardhorende persone

 Parapleë (verlamming van die onderlyf)

Hou die volgende vyf basiese liggaamsaktiwiteite in gedagte wanneer jy jou dansroetines ontwikkel:

 beweging (beweeg van een plek na ‘n ander)

 draai (om om ‘n as te draai)

 elevasie (om na ‘n hoër vlak te beweeg)

 gebare (beweging van die arms, kop of liggaam om ‘n idee of emosie uit te druk of te beklemtoon)

 gewigsverskuiwing (om liggaamsgewig van een plek na ‘n ander te verskuif)

Dans en Blindheid

- Die verlies van sig belemmer of beperk nie beweging nie. Die liggaam is nog steeds in staat om op ‘n normale manier te beweeg en die musiek kan gehoor word.

Oefening: Blindheid

- Blinddoek jouself.
- Speel ‘n geselekteerde musiekstuk.
- Beweeg op een plek.
- Ontwikkel armbewegings.
- Ontwikkel kopbewegings.
- Ontwikkel bolyfbewegings.
- Ontwikkel beenbewegings.
- Kombineer geselekteerde bewegings.
- Beweeg en verander van rigting.
- Kombineer geselekteerde bewegings en beweeg in verskillende rigtings.

Dans en die Dowe of Hardhorende

- Verlies van gehoor beïnvloed nie die beweging van die liggaam nie. Die persoon kan nog steeds sien, voel en beweeg.

Oefening: Doofheid

- Sit oorpluisies of watte in jou ore.
- Sit op die vloer en plaas jou hande op die vloer.
- Speel musiek met ‘n definitiewe tromslag –

tradisionele Afrikamusiek, Rock ,ens.
- Ervaar die musiek deur die vloer.
- Staan kaalvoet op die vloer en voel die musiek deur die vloer.
- Beweeg op maat van die trom- of basslag deur al jou liggaamsdele te gebruik.
- Selekteer bewegings en kombineer geselekteerde bewegings.
- Verfyn en oefen jou bewegings, seksies en hele dans.
- Kombineer aparte kwaliteite – bv. sterk of vinnig of sag en stadig – met ‘n reeks aksies.
- Ontwikkel groter sensitiwiteit vir die ritme en ritmiese veranderings.
- Ontwikkel duidelikheid van vorm, rigting, vlakke en grootte in die uitvoer van verskillende aksies.

Dans en Parapleë

- Die beperking van beweging is slegs in die onderlyf. Die bolyf (kop, arms, torso) kan nog steeds vrylik beweeg.

Oefening: Parapleë

- Sit op ‘n stoel.
- Maak jou bene aan die stoel vas.
- Kies ‘n musiekstuk en beweeg jou bolyf met die musiek.
- Isoleer die beweeglike liggaamsdele, bv. arms,

kop, bolyf.
- Isoleer twee of drie beweeglike liggaamsdele in eenvoudige koördinasies.
- Ontdek verskillende maniere om elke liggaamsaksie uit te voer.
- Toon duidelikheid van vorm, rigting, vlakke en grootte met die uitvoering van die verskillende aksies.
- Verstaan en gebruik kwalitatiewe en die beperkte ruimtelike elemente as ekspressiewe eienskappe van jou dans.
- Ervaar die ontwerp en uitvoering van hierdie dans, gebaseer op stemming en gevoel, neem meer verantwoordelikheid vir die keuse van jou aksies, kwaliteite, spesiale- en verhoudingseienskappe met die uitvoering.

Aktiwiteit 3

Om die deelname van geslagte (mans en vroue) aanROCK ‘N ROLL te bespreek

Oefening

Vors die rol van die man en vrou afsonderlik, en in pare, na met betrekking tot dans, bv. in die wals, "foxtrot", tango en "two step".

Vors die dans, musiek, modes en kossoorte van die 1950’s na.

Stel ‘n lêer saam van prente, musiek, kunstenaars,

musikante en video's van hierdie era.

Eers nadat jy jou navorsing voltooi het, sal jy die geleentheid gegun word om jou siening met die klas te bespreek.

Die Dans

- Kies 'n Rock 'n Roll-liedjie.

Die kies van 'n Dansmaat

- Kies 'n maat uit jou klas wat dieselfde lengte as jy is.
- Jou dansmaat kan 'n seun of 'n dogter wees.
- Indien jy 'n maat van dieselfde geslag kies, besluit wie die "seun" en wie die "dogter" gaan wees.

Vertroue

- Kyk na jou dansmaat.
- Laat jou dansmaat (die seun) sy hande om jou middel plaas en jou oplig en weer laat sak.

- Die seun moet die meisie oplig en net voordat hy haar weer neersit, moet hy haar deur sy bene laat gly.

- Die seun moet die dogter oplig – hande steeds om die middel – en voordat hy haar laat sak, moet sy op sy middel sit met reguit bene.

Die Draaie

- Dansmaats moet albei hande vashou – kyk na mekaar – en beweeg op maat van die musiek (enige bewegings waarmee julle gemaklik voel).
- Die seun moet die meisie se een hand los en haar lei in ‘n volle draai.
- Die meisie draai terug na die seun – sonder om sy hand te los – en kyk weer na die seun na die draai – die seun neem weer albei hande in syne.
- Eksperimenteer met draaie na die kant, sowel as na voor.

Die Dans

- Eksperimenteer met verskillende vlakke (hoog, middel, laag).
- Eksperimenteer met verskillende oplig-aksies (“lifts”).
- Eksperimenteer met verskillende draaie.
- Beweeg met die musiek terwyl julle altwee hande vashou.
- Beweeg met die musiek terwyl julle net een hand vashou.
- Ondersoek verskillende rigtingveranderings terwyl julle dans.
- Kombineer beweging, oplig-aksies, draaie, vlakke en rigtingveranderings.

Aktiwiteit 4

Om na dansoefeninge korrek af te koel en te strek

- Dit is belangrik om die spiere wat gebruik is gedurende die oefening te strek anders sal jy “stywe” spiere ervaar.
- Kies musiek met ‘n stadige tempo.

Asemhalingsoefening

- Staan met jou bene heupwydte van mekaar af – arms langs jou sye.
- Asem in deur jou neus – lig jou arms op bo jou kop.
- Asem uit deur jou mond – laat sak jou arms en buig jou knieë terselfdertyd.

Nekstrek

- Lig jou regterarm reguit op, sit jou arm oor jou kop – raak die linkerkant van jou kop.
- Trek jou kop stadig na die regterkant met jou regterhand – laat sak jou linkerskouer.
- Herhaal aan die linkerkant.

Armstrek

- Neem die regterarm oor jou bors en met die linkerhand trek jou arm stadig na jou bolyf.
- Herhaal met die linkerarm.

Borsstrek

- Neem jou arms reguit agtertoe en vat jou hande vas agter jou rug – maak jou borskas oop – trek jou arms weg van jou lyf.

Rugstrek

- Bring jou arms reguit vorentoe – vat jou hande saam – maak jou skouerblaaie oop – trek jou maag in – buig jou bolyf effens vorentoe – hou jou knieë gebuig – trek jou arms weg van jou lyf – laat sak jou kop.

Hampees en kuitstrek

- Sit een voet voor die ander – maak die knie van die voorste been reguit – buig die ander been effens – lig die tone van die voorste reguit been – hou jou hak op die vloer – buig jou bolyf stadig vorentoe – hou jou rug reguit – sit jou hande op jou knieë – behou die strek vir agt tellings.
- Ruil bene om.

Bobeenstrek

- Staan regop – voete heupwydte van mekaar af – lig een been agtertoe en buig jou knie (hak na boud) – hou ondersteunende been effens gebuig – hou en trek die voet na jou boud met jou hand – lig en maak ander arm reguit vir balans

– hou strekposisie vir agt tellings. Ruil bene om.

- Skud alle beweeglike liggaamsdele.
- Herhaal asemhalingsoefening.

Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 4
skepping, interpretasie en aanbiedingDie leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
MUSIEK
4.5 geslags- en/of kulturele stereotipering in lirieke en die gebruik van instrumente in die verlede en die hede kan identifiseer en verduidelik;
DRAMA
4.3 stereotipering volgens ouderdom, geslag, klas en kultuur in stories, teater, film, op televisie en oor die radio in die verlede en die hede kan identifiseer;

en

4.4 ‘n kort skets of toneeltjie kan ontwikkel om die probleme van stereotipering, diskriminasie en vooroordeel in die skool of plaaslike gemeenskap te beklemtoon;

DANS

4.1 anders geskikte mense en inklusiwiteit in dans verstaan en daaroor kan praat;

4.2 die rolle tradisioneel aan verskillende geslagte in dans toegeken, kan debatteer deur verskillende oogpunte te herken en uit te druk;

VISUELE KUNS

4.6 kommunikasie binne die verskillende vorms van massa-media kan sien en analiseer en ooglopende en versteekte boodskappe, vooroordele, stereotipering of propaganda kan identifiseer.

Vooroordeel en stereotipering in die massa-media

KUNS EN KULTUUR

Graad 8

UITDRUKKING EN KOMMUNIKASIE

Module 8

VOOROORDEEL EN STEREOTIPERING IN DIE MASSA-MEDIA

VISUELE KUNS

Aktiwiteit 1 (individueel)

Om vooroordeel en stereotipering in die massa-media te herken

STAP 1

Kyk na die illustrasie op die volgende bladsy.

STAP 2

Voltooi die prent sodat die hele raam gevul is. Enige medium, en selfs kleurbyvoeging, kan gebruik word. Wanneer jy klaar is, skryf ‘n gepaste opskrif om betekenis aan die voltooide prent te gee.

STAP 3

Die onderwyser gaan nou vir julle wys hoe die oorspronklike prent en opskrif lyk.

STAP 4

Vergelyk dit met jou interpretasie en beantwoord die volgende vrae:

- Wat het alles tot verkeerde interpretasies gelei?

- Hoekom word baie koerant- en tydskriffoto’s verander of word sekere dele weggelaat?

- Watter effek het dit op ons interpretasie?



Aktiwiteit 2 (individueel)

Om ‘n verband tussen advertensies en geslagsaspekte te ondersoek

Plak ‘n advertensie in julle joernale. Die advertensie moet òf op mans/seuns òf op vrouens/meisies gemik wees en moet ten minste een foto bevat. Beantwoord dan die volgende vrae:

1. Het die advertensie jou aandag getrek? Verduidelik hoekom.

1. Hoe het die foto in die advertensie jou geaffekteer?

1. Hou die foto verband met dit wat geadverteer word?

1. Sou jy dieselfde interpretasie gehad het as daar geen opskrifte of woorde was nie? Hoekom/ Hoekom nie?

1. Skep die foto ‘n realistiese indruk? Gee redes.

1. Is die mens/mense in die foto soos jy?

1. Watter belangrike inligting mag ontbreek?

1. Wat mag daar net buite die raam van die foto plaasvind/gebeur?

1. Het jy enige vrae wat nie deur die advertensie beantwoord word nie?

Aktiwiteit 3 (groepwerk)

Om voorbeelde van stereotipering te identifiseer

Inleiding: Wanneer ons onsself nie aanvaar nie, kan dit tot ernstige probleme lei. Om so gespierd soos Arnold te wees of so slank soos Naomi kan ons in die moeilikheid laat beland as ons liggaamstipe nie by hierdie beelde aanpas nie. Maar stereotipering is baie meer subtiel as spiere en liggaamsmassa. Die beelde wat in die media van mans en vroue

voorgehou word, projekteer ook hulle eie sielkundige misterie. Namate ons grootword, beïnvloed ons kultuur ons deur sulke beelde, gewoonlik sonder dat ons dit agterkom. Dus gaan daar gekyk word na wat dit in ons gemeenskap beteken om soos ‘n man of soos ‘n dame op te tree.

Beantwoord eers die volgende:

1. Definieer die woord ‘stereotipe’.
2. Noem ‘n paar tipiese voorbeelde.

Die onderwyser gaan voor in die klas twee groot velle ongedrukte koerantpapier vasplak. Die een se opskrif is: OM SOOS ‘N MAN OP TE TREE en die ander: OM ‘N DAME TE WEES.

Wat beteken dit om soos ‘n man op te tree? Watter woorde of verwagtinge kom by julle op? Sê vir die onderwyser sodat dit op die vel papier geskryf kan word. Hierdie beskrywing sal dan dien as die ‘om soos ‘n man op te tree’- stereotipe. Die binnekant van die vel papier sal dui op die gesindhede en gedragskodes wat deur die samelewing van seuns verwag word om aan te neem gedurende die grootwordproses.

Nou kan dieselfde proses met die tweede vel papier herhaal word wanneer daar gekyk word na wat dit beteken om soos ‘n dame op te tree.

Waar leer ons hierdie geslagsrolle? Watter mense

leer vir ons hierdie stereotipes? Watter rol speel die vermaaklikheidswêreld, sport en die media? Gee voorbeelde van televisieprogramme of films.

Die onderwyser sal hierdie voorbeelde buitekant die rame skryf.

Watter name word seuns en meisies genoem wat nie aan hierdie norme voldoen nie?

Vrae om te beantwoord:

- Hoe versterk hierdie name die stereotipe-raam?
- Hoe voel dit wanneer ons hierdie name genoem word?
- Wat dink julle voel die persoon wat hierdie name noem?

ONTHOU: Dit is nie verkeerd van seuns om van sport te hou, of van dogters om te hou van kook nie. Die probleem is dat ons voorgesê word om hierdie rolle aan te neem om sodoende in te pas in die samelewing. (Dink byvoorbeeld aan loopbaankeuses vir seuns en dogters.) Dit is egter belangrik vir elke persoon om self te besluit wat om te doen en hoe om op te tree!

Aktiwiteit 4 (individueel/groepwerk)

Om voorbeelde van diskriminasie in die media uit te wys

Inleiding: Noem voorbeelde van die media en maak ‘n lys.

- Die media is ‘n besigheid wat inligting verkoop en miljoene mense bereik. Advertensies is deel van die media en dateer sover terug as die agtiende eeu toe die eerste advertensie in ‘n koerant geplaas is – ‘n slawe-eienaar wat die terugkeer van sy verlore “eiendom” versoek. Sedertdien het dit ‘n reuse bedryf geword wat verbruikers (soos ons) moet oortuig om hulle produkte te koop. Statistiek toon dat ons al aan ongeveer 350 000 advertensies blootgestel is teen die tyd dat ons matriek voltooi het. In baie van die advertensies word onnatuurlike mooi of begeerlike modelle gebruik om die produk te bemark en te verkoop.

Tref nou ‘n vergelyking tussen die advertensie wat julle in Aktiwiteit 4.1 ontleed het en die inligting op die velle papier oor die geslagsrolle se stereotipering.

Kyk dan, nadat julle in groepe verdeel is, na mekaar se advertensies en stereotipering-vergelyking en beantwoord die volgende vrae:

- Watter algemene temas is in al die advertensies teenwoordig?

- Wat sê hierdie advertensies oor die rolle van mans en vrouens?

- Hoe dink julle kan hierdie advertensies ons gesindhede en verwagtinge aangaande geslagsrolle beïnvloed?

Kies een persoon in die groep om terug te rapporteer aan die klas.

Elke groep moet nou ‘n **collage** van foto’s saamstel wat ‘n nuwe mans- of vroue-produk adverteer.

Assessering

~~Leeruitkomstes(LUs)~~ ~~LU 4~~ skepping, interpretasie en aanbiedingDie leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, ~~te interpreteer en aan te bied.~~ ~~Assesseringstandaarde(ASe)~~

Dit is duidelik wanneer die leerder:

MUSIEK

4.5 geslags- en/of kulturele stereotipering in lirieke en die gebruik van instrumente in die verlede en die hede kan identifiseer en verduidelik;

DRAMA

4.3 stereotipering volgens ouderdom, geslag, klas en kultuur in stories, teater, film, op televisie en oor die radio in die verlede en die hede kan identifiseer; en

4.4 'n kort skets of toneeltjie kan ontwikkel om die probleme van stereotipering, diskriminasie en vooroordeel in die skool of plaaslike gemeenskap te beklemtoon;

DANS

4.1 anders geskikte mense en inklusiwiteit in dans verstaan en daaroor kan praat;

4.2 die rolle tradisioneel aan verskillende geslagte in dans toegeken, kan debatteer deur verskillende oogpunte te herken en uit te druk;

VISUELE KUNS

4.6 kommunikasie binne die verskillende vorms van massa-media kan sien en analiseer en ooglopende en versteekte boodskappe, vooroordele, stereotipering of propaganda kan identifiseer.

Memorandum

Dans met die fokus op gestremdes

KUNS EN KULTUUR

Graad 8

KRITIESE EN KREATIEWE REFLEKSIE

Module 9

DANS MET DIE FOKUS OP GESTREMDES

DANS

Aktiwiteit 1:

Om danse te bespreek met die fokus op gestremdes en dans

[LU 2.4]

Dink terug en probeer onthou toe jy hierdie aktiwiteit verlede kwartaal gedoen het. Beantwoord die volgende vrae:

1. Hoe het jy gevoel toe jy geblinddoek was en moes beweeg sonder om te kon sien?

1. Hoe het jy gevoel toe jy nie die musiek kon hoor nie?

1. Hoe het jy gevoel toe jy nie jou bene kon beweeg nie?

1. Was die bewegings maklik of moeilik om uit te voer? Waarom?

1. Watter deel van die aktiwiteit het jy die meeste geniet? Waarom?

1. Van watter deel van die aktiwiteit het jy die minste gehou? Waarom?

1. Verduidelik hoe die gestremdheid jou uitvoering van die volgende vyf basiese liggaamsaktiwiteite beperk het:

Beweging:

Draaie:

Elevasie:

Gebare:

Gewigsverskuiwing:

1. Hoe het die gestremdheid jou gebruik van ruimte en vloerpatrone beïnvloed?

Blindheid:

Doofheid:

Paraplegies:

Aktiwiteit 2:

Om danse in eie sosiale en kulturele kontekste te bespreek: STRICTLY BALLROOM

[LU 2.2, 2.4]

1. **Beskouing**

Kyk na die video *Strictly Ballroom*.

Verwys na die verskillende dansstyle soos dit deur die dansers/akteurs gedans word, terwyl na die video gekyk word.

Neem kennis van die volgende aspekte terwyl jy na die danse in die video kyk:

- kostuums en grimering wat vir die verskillende dansvorms gebruik word;
- die verskillende dansstyle, dansvorms en tipes dans wat in die video voorkom;
- die rol van die man in die danse;
- die rol van die vrou in die danse;
- die verskillende soorte musiek wat gebruik word vir die verskillende dansvorms;
- die gebruik van die vyf basiese liggaamsaktiwiteite;
- die gebruik van ruimte en vloerpatrone.

2. **Vraelys**

Beantwoord die onderstaande vrae:

1. Het jy van die danse in die video gehou? Waarom? Waarom nie?

1. Van watter dansstyl het jy die meeste gehou? Waarom?

1. Van watter dansstyl het jy die minste gehou? Waarom?

1. Watter bewegings kan jy die beste onthou?

1. Sou jy die dansstyl waarvan jy die meeste gehou het, wou aanleer? Waarom? Waarom nie?

1. Wat is die rol van die man wanneer hy met ‘n vrou dans?

1. Van watter musiek het jy die meeste gehou? Waarom?

1. Wat was Scott se probleem gedurende die danskompetisies?

1. Hoe het Scott se dansstyl verskil van dié van die dansstyl van Fran se familie?

1. Wat dink jy maak van Fran en Scott goeie dansmaats?

3. Klasbespreking

Beskryf en lewer kommentaar oor die dansinhoud van *Strictly Ballroom*:

- aksies
- kwaliteite
- ruimtelike en verhoudingsaspekte
- vorm: motiewe, ontwikkelings, kontraste, hoogtepunte

- logiese sekwense

- algemene eenheid
- die gebruik van musiek
- kostuums

Bespreek die volgende:

- die kwaliteite van die uitvoering van die danse;
- moontlike betekenisse in verhouding tot die danse wat jy gesien het;
- skakel die volgende aspekte met mekaar:
- idee
- tipe danse
- inhoud
- vorm
- styl
- musiek

- produksie-elemente
- historiese/kulturele konteks

Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 2
REFLEKSIEDie leerder kan krities en skeppend op kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in vergange, asook in huidige kontekste reflekteer.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
GESAMENTLIK
2.2 kan bespreek hoe die kunste tot sosiale en kulturele verandering bygedra het en kan bydra (bv. as ‘n spieël, in dokumentasie, as voorstelle, kommentare en voorspellings);
DANS
2.4 danse in eie sosiale, kulturele en historiese kontekste bespreek, met die klem op geslag, gestremdheid en mag;
DRAMA
2.5 menseregte- en omgewingskwessies navors en in kleingroep rolspel interpreteer;

MUSIEK

2.6 na die gebruik van polifonie in Afrika-musiek luister en demonstreer hoe dit aan deelnemers ruimte in die maak van musiek gegee het;

VISUELE KUNSTE

2.7 identifiseer en verduidelik hoe fotografie, rolprentmakery, beeldhou en afdrukmakery menseregteskendings kan dokumenteer;.

2.8 kommentaar lewer op die samestelling, styl en vakinhoud van kunswerke (bv. landskap, portret, stillewe, publieke kuns of versetkuns) oor tydperke heen

Visuele kuns in die identifisering van die skending van menseregte

KUNS EN KULTUUR

Graad 8

KRITIESE EN KREATIEWE REFLEKSIE

Module 10

die rol van visuele kuns in die identifisering van die skending van menseregte

VISUELE KUNS

Aktiwiteit 1:

Om die rol van visuele kuns in die identifisering van die skending van menseregte te identifiseer

[LU 2.2, 2.7]

STAP 1

In die vorige module is daar na stereotipering en vooroordeel as vorms van diskriminasie gekyk. Beantwoord gou die volgende vrae:

1. Wat is stereotipering?

2. Noem twee vorme van vooroordeel.

3. Aan watter ander vorms van diskriminasie kan jy

dink?

4. Hoe is mense in die verlede daarvan bewus gemaak? Hoe word mense in die hede daarvan bewus gemaak?

5. Kyk na die twee weergawes hieronder en skryf dan in jou joernaal watter een van die twee jou die meeste beïnvloed en hoekom.

Weergawe 1

- Die mobiele eenhede het vinnig opgetree deur Joodse gemeenskappe te verras.
- Mans, vroue en kinders is bymekaar gemaak en is dan na die buitewyke van hulle dorpie of stad gemarsjeer, doodgeskiet en in naamlose massagrafte gelaat.

Weergawe 2



- Weet jy van enige ander visuele dokumentasie oor die skending van menseregte? Vul dit in die tabel hieronder in:

Tipe diskriminasie	Rolprente	Foto's	Gemengde Media

STAP 2

Soek na prente en/of artikels in ou tydskrifte en koerante vir die maak van 'n plakkaat wat **teen die skending van menseregte betoog.**

STAP 3

Nadat julle in groepe ingedeel is, kan julle besluit wie se foto's en/of artikels die treffendste is en die volgende opdragte uitvoer:

- Plak die foto's en/of artikels wat julle gekies het as foto-montage ('n tipe collage waar slegs foto's of papier geplak word en geen materiale soos wol, tou of ander voorwerpe met tekstuur nie) op die plakkaatpapier.
- Julle kan met kleurpastelle en/of Koki-penne bo-oor en tussenin werk om die foto's en/of artikels in een groot geheel te bind. Dit sal as agtergrond dien.
- Dink nou aan 'n slagspreuk wat betoog teen die skending van menseregte.
- Plak met enige kombinasie van letters wat julle in die tydskrifte en koerante kan kry die slagspreuk bo-oor julle agtergrond – onthou dat die letters opvallend en sterk genoeg moet wees om die boodskap aan die kyker oor te dra.

Aktiwiteit 2:

Om komposisie, styl en onderwerp in verskillende kunswerke te klassifiseer

[LU 2.4]

STAP 1

Bestudeer die illustrasies hieronder en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Komposisie





1. Wat is die komposisie van ‘n kunswerk?

2. Noem soveel moontlik verskille tussen die twee illustrasies ten opsigte van komposisie.

Styl

1. Hoe verskil die twee kunswerke hierbo?

2. Sê in jou eie woorde wat styl is.

Onderwerp of Tema



A

B



C

D

1. In die illustrasies A tot D op die vorige bladsy word vier verskillende onderwerpe uitgebeeld. Kyk

of jy al vier kan identifiseer:

STAP 2

- Jou opvoeder gaan vir julle ‘n verskeidenheid afdrukke van kunswerke wys. Jy moet nou hierdie kunswerke volgens komposisie, styl en onderwerp klassifiseer. Skryf eers die naam van die kunstenaar en die kunswerk in die linkerkantste kolom.

Naam van kunstenaar en kunswerk	Komposisie	Styl	Onderwerp

Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 2

REFLEKSIEDie leerder kan krities en skeppend op kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in vergange, asook in huidige kontekste reflekteer.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
GESAMENTLIK
2.2 kan bespreek hoe die kunste tot sosiale en kulturele verandering bygedra het en kan bydra (bv. as ‘n spieël, in dokumentasie, as voorstelle, kommentare en voorspellings);
DANS
2.4 danse in eie sosiale, kulturele en historiese kontekste bespreek, met die klem op geslag, gestremdheid en mag;
DRAMA
2.5 menseregte- en omgewingskwessies navors en in kleingroep rolspel interpreteer;
MUSIEK
2.6 na die gebruik van polifonie in Afrika-musiek luister en demonstreer hoe dit aan deelnemers ruimte in die maak van musiek gegee het;
VISUELE KUNSTE
2.7 identifiseer en verduidelik hoe fotografie, rolprentmakery, beeldhou en afdrukmakery menseregteskendings kan dokumenteer;.
2.8 kommentaar lewer op die samestelling, styl en vakinhoud van kunswerke (bv. landskap, portret, stillewe, publieke kuns of versetkuns) oor tydperke heen

KUNS EN KULTUUR

Graad 8

KRITIESE EN KREATIEWE REFLEKSIE

Module 11

polifonie in Afrika-musiek

MUSIEK

Aktiwiteit 1:

Om die gebruik van polifonie in Afrika-musiek te ondersoek

[LU 2.6]

- Om hierdie aktiwiteit te begryp moet ons twee woorde uitsonder en omskryf, nl. *Afrika* en *polifonie*. Sodra ons dit verstaan, spreek dit eintlik vanself hoe Afrika-musiek polifonie gebruik om aan elke deelnemer ‘n gelykmatige plek in die verloop van die musiek te gee.

Agtergrond

- Doen navorsing (en dit sluit in om met verskillende mense te praat!) oor die kultuur en leefwyse van mense in Afrika en brei veral uit oor die benadering tot gesinslewe. Onthou, wanneer ons praat van Afrika-musiek, word hoofsaaklik na die sub-Sahara-gebied verwys. Die sub-Sahara-streek is suid van die Saharawoestyn en sluit Wes-, Suid-, Oos en

Sentraal-Afrika in. Die styl van Noord-Afrika is nou verbind met dié van die Midde-Ooste.

Skryf die inligting in die vorm van dagboekinskrywings en plak kopieë daarvan in jou leerderjoernaal.

Vergelyk nou ‘n Westerse konsertuitvoering met ‘n Afrika-musiekuitvoering na aanleiding van die agtergrond hierbo.

Die gebruik van polifonie in Afrika-Musiek

Wat beteken polifonie?

Verskeidenheid van partye

Uitvoering 1: Melodieparty van kanon, eenstemmig gesing

Melodie
Harmonie

Ritme
Tekstuur
Styl

Uitvoering 2 (Melodieparty van kanon gesing met begeleiding op byvoorbeeld klavier.)

Melodie
Harmonie
Ritme
Tekstuur
Styl

Uitvoering 3 (Kanon gesing in twee of drie stemme.)

Melodie

Harmonie
Ritme
Tekstuur
Styl

Opsommend

Monofonie beteken _____

Homofonie beteken _____

Polifonie beteken _____

Luister na die opname van die rituele genesingsmusiek uit Malawi.

Hoeveel musiekpartye hoor jy?

Kan jy elke party identifiseer?

Onafhanklikheid van die partye.

Onafhanklikheid ten opsigte van ritme.

In Afrika-musiek is elke party ritmies onafhanklik van mekaar, maar tog word ‘n eenheid

verkry. Volg die opvoeder se instruksies:

POLSSLAE												
	1		2		3		4		5		6	
Patroon 1												
Patroon 2												
Totale patroon												

- Elk van die twee patrone is identifiseerbaar en ‘n derde word gevorm a.g.v. die samevoeging van die eerste twee (“Hocketing”). Alhoewel die partye elk oor sy eie individualiteit beskik, is daar afgesien van die **onafhanklikheid,** ook **samewerking** en **wisselwerking** tussen die partye.

Wat verstaan jy onder die volgende begrippe? Lig dit toe met bostaande voorbeeld.

Onafhanklikheid		
Samewerking		
Wisselwerking		

Onafhanklikheid ten opsigte van melodie.

Onafhanklikheid ten opsigte van timbre.

Nabootsende intredes wat oorvleueling veroorsaak.

Doen navorsing oor één van die volgende:

- Die Shona-gemeenskap
- Mbira-musiek
- Fuga
- JS Bach

Plak die inligting in jou leerderjoernaal.

MBIRA-MUSIEK (Im-BEE-rah)

Beantwoord die volgende vrae:

1. Watter Westerse musiekvorm maak gebruik van nabootsende intredes?

2. Met watter komponis word hierdie vorm geassosieer?

3. Op watter instrument is die voorbeeld waarna jy geluister het, uitgevoer?

4. Watter land is veral bekend vir mbira-musiek?

5. Watter gemeenskapsgroep van hierdie land beoefen veral mbira-musiek?

6. Watter ander instrument word dikwels met

mbira-musiek gekombineer?

7. Waarom begin mbira-spelers soms op enige plek in die siklus speel?

8. Motiveer waarom mbira-musiek van tot sowat 700 jaar terug nog steeds in gebruik is.

Gee ‘n skematiese voorstelling van die intredes van die verskillende partye.

Probeer nou die volgende:

- Die klas verdeel in drie of vier groepe. (Sodra julle vertroud is met die wisselwerking (hocketing) kan meer groepe gebruik word).
- Die groepe besluit op moontlike ritmiese patrone deur kruisies op die polsslae in te vul. Die groepe lê hul patrone aan die res van die klas voor. Almal vul dit op die ruitgrafiek in.
- Elke groep besluit op ‘n spesifieke uitvoermedium.
- Die groepe oefen eers afsonderlik hulle patrone voordat dit saamgevoeg word.
- Die opvoeder sal die tellings hardop saamtel sodat almal kan saamwerk om wisselwerking te verkry, anders sal dit ontaard in kakofonie!
- Ten slotte tree die partye nabootsend op om nabootsende intrede te demonstreer.
- Vul nou die nuwe patroon wat gevorm is, op die ruitgrafiek in.

POLSSLAE											
INSTRUMENTE	2		3		4		5		6		
1											
2											
3											
4											
5											
6											
Saamgestelde patroon											

Watter musiekvorm wat jy ken (jy kan dit sing!), maak ook gebruik van nabootsende intredes?

Word oorvleueling tussen die verskillende stempartye veroorsaak?

Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 2
REFLEKSIEDie leerder kan krities en skeppend op kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in vergange, asook in huidige kontekste reflekteer.
Assesseringstandaarde(ASe)

Dit is duidelik wanneer die leerder:

GESAMENTLIK

2.2 kan bespreek hoe die kunste tot sosiale en kulturele verandering bygedra het en kan bydra (bv. as 'n spieël, in dokumentasie, as voorstelle, kommentare en voorspellings);

DANS

2.4 danse in eie sosiale, kulturele en historiese kontekste bespreek, met die klem op geslag, gestremdheid en mag;

DRAMA

2.5 menseregte- en omgewingskwessies navors en in kleingroep rolspel interpreteer;

MUSIEK

2.6 na die gebruik van polifonie in Afrika-musiek luister en demonstreer hoe dit aan deelnemers ruimte in die maak van musiek gegee het;

VISUELE KUNSTE

2.7 identifiseer en verduidelik hoe fotografie, rolprentmakery, beeldhou en afdrukmakery menseregteskendings kan dokumenteer;.

2.8 kommentaar lewer op die samestelling, styl en vakinhoud van kunswerke (bv. landskap, portret, stillewe, publieke kuns of versetkuns) oor tydperke heen

Om menseregte na te vors

KUNS EN KULTUUR

Graad 8

KRITIESE EN KREATIEWE REFLEKSIE

Module 12

OM MENSEREGTE NA TE VORS

DRAMA

Aktiwiteit 1:

Om menseregte na te vors: DIE MASSASLAGTING

[LU 2.2, 2.5]

Drama het ook ‘n ernstige sy – soos jy sal ervaar met hierdie aktiwiteit. Drama is nie net vermaaklik nie, maar ook informatief en opvoedkundig.

1. Die Projek

Vors die massaslagting tydens die Tweede Wêreldoorlog en die apartheidstydperk in Suid-Afrika na en stel ‘n verslag saam met die inligting wat jy bymekaar gemaak het.

Die projek moet die volgende insluit:

- Illustrasies, prente, foto’s en tekste oor

- Duitsland en die opkoms van Nazisme
- Anti-semitisme en rassisme

- Konsentrasiekampe
- Joodse kultuur
- Apartheid in Suid-Afrika en hoe dit vergelyk met Anti-semitisme
- Suid-Afrikaanse protesteater

- Suid-Afrikaanse protesteater:

- Woza Albert
- Sizwe Banzi is Dead
- District 6
- Sophia Town

- Die volgende vrae moet beantwoord word:

- Wat is protesteater?
- Waarom is protesteater noodsaaklik?
- Is protesteater vermaak?

2. Improvisasie

- Deel op in groepe van ses tot agt.
- Elke groep moet ‘n aspek van die navorsing oor die massaslagting uitbeeld d.m.v. improvisasie
- Die improvisasie moet nie langer as twee minute wees nie.
- Die improvisasie moet die volgende insluit:

- ‘n boodskap
- begin, middel en einde
- klimaks
- spesifieke plasing

- definitiewe karakterisering

- Julle het om en by tien minute om julle improvisasie te beplan.
- Voer julle toneel (in drie minute) vir die klas op.

3. Klasbespreking

- Bespreek die volgende aspekte na afloop van elke opvoering:

- Kan hierdie toneel as protesteater geklassifiseer word?
- Was die kwessie van menseregte prominent?
- Het die toneel ‘n klimaks gehad?
- Wat was die boodskap van die toneel?
- Het die karakters tot die uitbeelding van die boodskap bygedra?
- Hoe sou jy die toneel verbeter?
- Was daar samewerking onder die groep?
- Het die toneel enige emosie by die gehoor gewek?

Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 2
REFLEKSIEDie leerder kan krities en skeppend op kuns- en kultuurprosesse, -produkte en -style in vergange, asook in huidige kontekste reflekteer.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
GESAMENTLIK
2.2 kan bespreek hoe die kunste tot sosiale en kulturele verandering bygedra het en kan bydra (bv. as ‘n spieël, in dokumentasie, as voorstelle, kommentare en voorspellings);
DANS
2.4 danse in eie sosiale, kulturele en historiese kontekste bespreek, met die klem op geslag, gestremdheid en mag;
DRAMA
2.5 menseregte- en omgewingskwessies navors en in kleingroep rolspel interpreteer;
MUSIEK
2.6 na die gebruik van polifonie in Afrika-musiek luister en demonstreer hoe dit aan deelnemers ruimte in die maak van musiek gegee het;
VISUELE KUNSTE
2.7 identifiseer en verduidelik hoe fotografie, rolprentmakery, beeldhou en afdrukmakery menseregteskendings kan dokumenteer;.
2.8 kommentaar lewer op die samestelling, styl en vakinhoud van kunswerke (bv. landskap, portret, stillewe, publieke kuns of versetkuns) oor tydperke heen

Om 'n opwarmingsroetine te skep

KUNS EN KULTUUR

Graad 8

SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

Module 13

OM ‘N OPWARMINGSROETINE TE SKEP

DRAMA

Aktiwiteit 1:

Om ‘n roetine te skep en aan die klas te bied: DIE OPWARMING

[LU 1.5]

Dit is nou jou beurt om die res van die klas deur ‘n opwarmingsroetine te lei.

Jou opwarmingsroetine moet die volgende insluit:

Ontspanning:

- die eerste prioriteit van die akteur is ontspanning
- die akteur se liggaam en stem is sy instrumente
- spanning van enige soort beperk uitvoering
- spanning wys eerste in die stem a.g.v. vlak asemhaling
- begin met die skouers
- beweeg dan na die arms en hande
- die bolyf is die middelpunt van alle beweging, omdat dit ons asem huisves

- asemhalingsoefeninge is belangrik
- eindig hierdie afdeling met die bene, enkels en die voete

Postuur / Houding:

- die postuur moet gemaklike en ekspressiewe stemgebruik en beweging toelaat
- fokus daarop om die skouers vierkantig en die maag in te hou en algehele stembeheer te behou

Asemhaling en Stem:

- goeie asemhaling is ‘n fundamentele vereiste vir stemproduksie
- alle asemhalingsoefeninge moet ná ontspanningsoefeninge uitgevoer word
- die vereistes vir goeie stemproduksie is ontspanning, goeie postuur, genoegsame asemvoorraad, beheerde gebruik van die diafragma en tussenribspiere, ontspanne en onbeperkte mondelinge- en keelresonators, en die vorming van klanke voor in die mond om ‘n keelstem te voorkom en projeksie te bevorder
- asemhaling moet met die borskas uitgevoer word deur die ribbekas te vergroot, en met die diafragma

Aktiwiteit 2:

Om ‘n geskrewe teks en afgeronde uitvoering te skep en aan te bied, gebaseer op populêre kultuur: “POPSTAR IDOLS”

[LU 1.6]

Is jy gereed vir die volgende opwindende projek? Maak seker dat jy presies verstaan wat jou opvoeder wil hê jy moet doen en maak seker dat jy die konsepte aangaande hierdie aktiwiteit verstaan. Moenie bang wees om te vra as jy iets nie verstaan nie!

Maar eers moet jy die konsep *Populêre Kultuur* leer ken.

Populêre kultuur is enige dans, literatuur, musiek, teater, of enige kunsvorm wat deur die ‘man of vrou op straat’ in ‘n literêre, tegnologies gevorderde gemeenskap aangeneem en waardeer word.

Televisie

- Televisie op sigself is ‘n aspek van populêre kultuur.
- Dit het die uitvinding van videobandopnemers en -spelers, DVD-spelers en kameras tot gevolg.
- Baie televisieprogramme val in hierdie kategorie.
- ‘Sepies’ – daaglikse dramareekse – is maar net een van hierdie vorms; slim ontwerpte advertensies is nog een.
- In die 21ste eeu is ons bekend gestel met die ‘realiteitstelevisie’-konsep, waar akteurs vervang is deur ‘regte’ mense in ‘regte’ situasies om sodoende geld of ander reuse- pryse te wen, bv. ‘Big Brother’, ‘Survivor’, ‘The Bachelor’, ‘Coca Cola Popstars’ en ‘Idols’.

Om jou eie realiteitstelevisieprogram te vervaardig, moet jy van die volgende kennis neem:

Produksie

- die volgende is noodsaaklik vir die vervaardiging van hierdie program:

- **skrywers**: vir ‘n teks of draaiboek
- **produksiespan**: vervaardigers, regisseur, verhoogbestuurders
- **kunsdepartement**: stelontwerpers, stelbouers, kostuumontwerpers, grimeerkunstenaars, haarstiliste, rekwisietemeesters

- **musiekdepartement**: musiekregisseur, stemafrigter, musikante
- **tegniese departement**: videokamera-operateurs, klankingenieurs, beligtingsontwerpers en -operateurs
- bemarkingsdepartement
- **deelnemers**: aanbieders, sangers, beoordelaars

Jou opvoeder sal al hierdie portefeuljes aan jou verduidelik. By watter departement sal jy graag betrokke wil wees? Of sal jy graag een van die deelnemers wil wees? Jy kan kies!

Om hierdie program in werking te stel het ons ‘n teks nodig.

Die teks

- Bespreek, stel notas saam, stel raamwerk op en skryf ‘n teks vir die produksie as ‘n gesamentlike poging waar al die leerders in die klas betrokke is.
- Die teks moet die volgende insluit:

- die programverloop van die produksie, bv. wat gebeur eerste, tweede, ens., tot die laaste toneel van die program;
- dialoog vir die aanbieders;
- orde van die optredes;
- openingstoneel;
- slottoneel;
- beoordelingsafdelings na elke optrede;

- aankondiging van die wenner.

Noudat ons ‘n teks het, kan ons begin. Hier volg ‘n samestelling van die produksie om jou te help met jou beplanning. Maak ‘n merk langs elke item soos dit voltooi word. Hierdie is slegs ‘n voorbeeld. Jy kan jou eie produksielys saamstel volgens jou eie vereistes.

Produksielys

ITEMS	NOTAS	VOLTOOI
Teks	Vervaardiger moet nog goedkeur	√
Vul van portefeuljes		
Peil van sukses		
Selektering van finaliste		
Selektering van musiek		
Repetisiedatums		
Opvoerdatum		
Publisiteit		
Plakkate, kaartjies, ens.		

Stelontwerp

Stelbou
Kostuumontwerp
Grimering
Kenwysie
Addisionele musiek
Klanktoerusting;
Beligtingstoerusting
Videokameras
Rekwisiete
Beoordelaarstafel
Produksieteks
Videoredigering
Aanbieding van video

Hierdie projek is ‘n *spanpoging* en dit vereis dat jy baie nou met die ander leerders in jou klas moet *saamwerk* sodat “Popstar Idols” ‘n sukses kan wees!

Geniet dit!

Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 1
skepping, interpretasie en aanbiedingDie leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
DANS
1.1 danse uit populêre kulture leer en opvoer;
1.2 die volgende doen om die liggaam voor te berei:

- doen ‘n vasgestelde opwarming wat die liggaam rek en versterk;
- toon toenemende kinestetiese bewustheid, konsentrasie en bewustheid van die korrekte en veilige gebruik van die ruggraat en ledemate;
- beweeg met koördinasie en musikaliteit in passiekombinasie oor ruimte heen.

1.3 improviseer, komponeer en kombineer bewegingsmotiewe deur die gebruik van:1.3.1 bewegings of gebare;1.3.2 herhaling en stiltes;1.3.3 kontrasterende dinamika.
1.4 danspassies en kombinasies daarvan uit minstens twee style of tradisies van Suider-Afrika opvoer.
DRAMA
1.5 ‘n eenvoudige opwarmingsroetine, gebaseer op die onderwyser se oefeninge, saamstel om met die klas te deel;
1.6 met die onderwyser se bystand deelneem aan

die skep en aanbieding van ‘n geskrewe skets of afgeronde improvisasie wat op populêre kultuur gebaseer is. Hierdie item behoort:

1.6.1 kennis van die teikengehoor te toon;

1.6.2 hulpmiddels wat tot die stuk bydra, te gebruik;

1.6.3 gepaste dramatiese elemente te gebruik;

1.6.4 ander kunsvorme in te sluit.

Jazz-dans

KUNS EN KULTUUR

Graad 8

SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

Module 14

JAZZ-DANS

DANS

In hierdie module word jy aan jazz-dans voorgestel. Dis ‘n opwindende dansstyl wat van tradisionele dans afkomstig is. Jy sal improviseer, skep en bewegings kombineer sodat jy uiteindelik jou dansroetine voor ‘n gehoor kan aanbied. Moenie bang wees nie – jy sal dit nie alleen doen nie! Die hele klas sal betrokke wees, en jul onderwyser sal vir julle leiding gee. Dit gaan ‘n wonderlike, opwindende ervaring wees.

Aktiwiteit 1:

Om die liggaam OP TE WARM voor enige aktiwiteit uitgevoer kan word

[LU 1.1]

Die opwarmingsoefennge sal die risiko van besering verminder en sal dit makliker maak om die danse uit te voer.

Dit sal makliker wees – en ook baie meer pret – as jy die opwarming op die maat van musiek doen. Kies musiek met ‘n tempo wat nie te vinnig is nie.

Voorbereiding:

Staan met voete ‘n heupwydte uitmekaar, voete

vorentoe, arms langs die sye.

- Dit is belangrik om jou liggaamslyn te behou om die spesifieke spiere wat opgewarm word, te isoleer.
- Korrekte liggaamslyne sal beserings voorkom.
- Beweeg slegs die liggaamsdele en spiere soos voorgeskryf.

- Staan met voete ‘n heupwydte uitmekaar, arms langs die sye.
- Asem in deur die neus terwyl die arms bo die kop gelig word.
- Asem uit deur die mond. Laat sak die arms en buig die knieë gelyktydig.
- Herhaal vier keer.

L oop- en armopwarming:

- Loop op die plek op die maat van die musiek.
- Buig arms by die elmboë na die liggaam toe en laat sak – hou elmboë af (agt keer).
- Lig arms vorentoe – skouerhoogte – buig arms by elmboë en maak reguit (agt keer).
- Lig arms na die kant toe – skouerhoogte – buig by elmboë en maak reguit (agt keer).
- Lig arms bo die kop – reguit – stoot op en af tot by skouerhoogte (agt keer).
- Kombineer armoefeninge – herhaal elke oefening agt keer.

- Herhaal elke oefening vier keer.
- Herhaal elke oefening twee keer.
- Hou aan om op een plek te stap terwyl die armoefeninge uitgevoer word.

L oop en beweeg:

- Loop vorentoe vir vier tellings – lei met jou regterbeen.
- Loop agtertoe vir vier tellings – kyk vorentoe.
- Loop na regs vir vier tellings.
- Draai om en loop na links vir vier tellings.
- Sit armbewegings by.
- Herhaal loopoefening agt keer met armbewegings.

S tap terwyl knieë gelig (*knee lifts)* **en dyspiere opgetrek word dyspierbuiging (hamstr** *ing curls* **)**

- Lei regs en stap vorentoe vir drie tellings – lig knie op die telling van vier.
- Kyk vorentoe, stap agtertoe vir drie tellings – buig knie na agter, terwyl die voet na die boude gelig word op die telling van vier.
- Herhaal agt keer.
- Bly op een plek staan en lig die knieë beurtelings agt keer.
- Stap vorentoe vir vier tellings.
- Bly op een plek en lig die knieë beurtelings vier keer.
- Stap agtertoe – kyk vorentoe – vir vier tellings.

- Doen vier dyspierbuigings – bly op een plek staan.
- Stap vorentoe vir vier tellings.
- Doen vier dyspierbuigings – bly op een plek staan.
- Stap agtertoe – kyk vorentoe – vir vier tellings.
- Beweeg vorentoe terwyl die knieë beurtelings vir vier tellings gelig word.
- Beweeg agtertoe – kyk vorentoe – met dyspierbuigings vir vier tellings.
- Herhaal agt keer.

Opwarming van binne- en buitedy:

- Beweeg deur twee treë na regs te neem – kyk vorentoe.
- Beweeg twee treë na links – lei links – kyk vorentoe.
- Voeg armbewegings by terwyl daar na links en na regs gestap word.
- Herhaal agt keer.
- Beweeg na regs – lei regs – tree met die regtervoet en kruis die regterbeen met die linkerbeen vir twee treë.
- Beweeg na links en kruis bene terwyl daar gestap word.
- Voeg armbewegings by.
- Herhaal agt keer.
- Beweeg na regs – kruis oor – lig linkerbeen na die kant op laaste maatslag – hou been reguit.
- Beweeg na links – kruis oor – lig regterbeen na

die kant op laaste maatslag.
- Voeg armbewegings by.
- Herhaal agt keer.
- Bly op een plek en lig regter- en linkerbeen om die beurt – agt keer.

Hurkbeweging (squats):

- Bly op een plek – maak bene wyd oop – buig bene effens.
- Buig knieë verder – hou liggaam regop – kop op – hande op heupe – hou vir twee tellings.
- Maak bene vir twee tellings reguit.
- Buig bene en maak weer reguit – een telling om die beurt.
- Herhaal agt keer.
- Bring regtervoet vorentoe – buig knieë.
- Neem regtervoet terug.
- Bring regtervoet vorentoe – buig knieë.
- Neem linkervoet terug.
- Herhaal agt keer.

- Wanneer hurkbewegings gedoen word, moet jy seker maak dat jou knie nie oor jou voet gaan nie.
- Hou jou knie in lyn met jou hak wanneer jy buig.
- Hou liggaam regop met hande op die heupe.
- As ‘n mens hierdie oefening veilig wil uitvoer, is beheer en balans van die grootste belang.

Vorentoebewegings (Lunges):

- Maak bene wyd oop en leun na die kante toe (regs en links om die beurt) – agt keer.
- Bring die liggaam stadig vorentoe – hande op die knieë – terwyl jy leun - agt keer.
- Bring die liggaam verder af tot jou hande die vloer raak – terwyl jy van regs na links leun – agt keer.
- Doen die oefening andersom totdat jy met ‘n regop liggaam leun.
- Herhaal oefening agt keer.

Sywaartse opwarming:

- Hou jou bene oop en effens gebuig.
- Plaas jou hande op jou heupe.
- Draai die boonste helfte van jou liggaam na regs (asof jy na iemand agter jou wil kyk).
- Draai terug en kyk vorentoe.
- Draai die boonste deel van jou liggaam na links.
- Terug vorentoe.
- Herhaal agt keer.
- Lig arm reguit sywaarts – skouerhoogte.
- Herhaal sywaartse strekbewegings agt keer met uitgestrekte arms.

Herstel:

- Staan met voete teen mekaar.
- Skud alle beweegbare liggaamsdele.

Jy is nou gereed om met die volgende aktiwiteite voort te gaan.

Aktiwiteit 2:

Om te improviseer, te rangskik en bewegings te kombineer: jazz

[LU 1.2]

Jou onderwyser sal die agtergrond van jazz-dans kortliks verduidelik. Onthou, jy hoef nie noodwendig ‘n danser te wees om hierdie volgende aktiwiteit te kan geniet nie – al wat jy hoef te doen, is om die bewegings te verken en te ontdek wat jou liggaam alles kan doen. Jy sal verbaas wees! Probeer dit.

Jy moet heel eerste die musiek leer ken.

Die musiek

Enige musiek van die jazz-genre is geskik vir hierdie aktiwiteit.

- Voorbeelde:
- “Brazilia” deur John Klemmer

- “Tropico” deur Gato Barbieri
- “Sanborn” deur David Sanborn
- “The Shuffle” deur Kenny G
- “Rise” deur Herb Alpert
- “All that Jazz” uit die klankbaan van “Chicago”

- Luister aandagtig na verskillende snitte van jazz-musiek.
- Let op na die duidelike vier-op-vier -maatslag en kenmerkende frasering.
- Kies musiek uit die voorbeelde waarop jy graag wil dans.

Kostuums

- Vir hierdie klas kan jy kaalvoet wees, of jy kan sportskoene dra.
- Dra ‘n gemaklike T-hemp en sweetpakbroek.
- Met die oog op die uitvoering moet julle die kostuums bespreek en uitsoek wat by die dans sal pas – wees skeppend.

Die dans: Improvisasie

Aantekeninge oor improvisasie:

- In improvisasie maak ‘n mens die meeste staat op jou onderbewuste en die snelheid van jou

reaksies.

- Dit help nie om te probeer “uitdink” watter beweging jy gaan maak of om te raai wat die musiek volgende gaan doen nie.
- Jy sal mettertyd moet leer om hierdie aspekte te kan aanvoel.
- Moet nooit beweeg nie, tensy jy voel jy moet.
- Moenie bang wees om stil te staan, na die musiek te luister en dit toe te laat om vir jou te ‘sê’ wat om te doen nie.
- Moenie bang wees dat jou bewegings verspot sal lyk nie. Hulle sal waarskynlik aan die begin snaaks lyk, maar dit maak glad nie saak nie. Jy is besig om jou verstand en jou liggaam te leer om op ‘n onbekende manier te reageer – waarom sou jy dan onmiddellik verstommende resultate verwag?
- Probeer om natuurlike, eenvoudige bewegings te maak.
- Wanneer jy in ‘n groep werk, moet jy altyd onthou dat jy deel van ‘n groter geheel is. Kom in harmonie met die groep, en hoewel jy jouself as individu uitleef, moet jy nog steeds die eenheid van julle doelwit beleef in alles wat jy doen.

Dansformasies

- Hier is nou riglyne om jou met jou improvisasie

aan die gang te kry. Onthou dat jy jou eie bewegings en danse vanuit die bewegings moet skep. Jy hoef nie die choreografie-notasie slaafs na te volg nie – dis net daar om vir jou idees te gee. Wees skeppend!

Let wel: Die musiek het ‘n vier-op-vier-maatslag. Elke maat van die musiek duur agt tellings. Een beweging per telling is aangewys om dit vir jou maklik te maak om te tel en die beweging uit te voer.

DIE TELLINGS	DIE BEWEGINGS
1,2	Leun na regs
3,4	Leun na links
5,6,7,8	Herhaal
1	Leun na regs en lig die regterhak
2	Laat sak die hak
3	Leun na links en lig die linkerhak
4	Laat sak die hak
5,6,7,8	Herhaal
1	Lig die linkerarm en leun na regs terwyl die hak gelig word
2	Maak sirkels voor met die

	arm en laat sak die hak
3	Lig die regterarm en leun na links terwyl die hak gelig word.
4	Maak sirkels voor met die arm en laat sak die hak.
5,6,7,8	Herhaal.
1	Lig die linkerarm en terwyl jy met die regtervoet vorentoe tree, begin om sirkels bo jou kop te maak.
2	Voltooi jou sirkel terwyl jy jou linkervoet inbeweeg na die regtervoet.
3	Tree weer na regs uit en begin weer met jou bo-arm sirkels

	maak.
4	Hierdie keer moet jy die uitgestrekte arm dwarsoor die liggaam bring, terwyl jy die regterknie buig en vorentoe leun.
5,6,7,8	Herhaal met die regterarm na bo gestrek terwyl jy na links tree.

- Probeer om hierdie bewegings uit te voer: eers sonder die musiek , en net met die beenbewegings.
- Voeg die arms by wanneer jy gemaklik voel met die beenbewegings.
- Jy het so pas op die eerste vier mate van die musiek beweeg.
- Probeer nou om bewegings te improviseer en gebruik die bogenoemde voorgeskrewe choreografie as ‘n grondslag vir jou eie bewegings.

In die volgende vier mate sal ons met ‘n skop en ‘n draai eksperimenteer.

DIE TELLINGS	DIE BEWEGINGS
1	En tree vorentoe met die regtervoet, bring linkervoet agter op en tree terug op die bal van die voet soos jy weer ...
2	... vorentoe tree op die regtervoet, terwyl die knie in ‘n leunhouding gebuig word. (Dit is makliker om hierdie beweging uit te voer as om dit te lees. Dit word stap-bal-wysig (“step-ball-change”) genoem. Daar is ‘n klein sprongetjie op die moment wanneer jy die gewig van regs na links verplaas en dan weer terug na regs; amper soos ‘n galop.)
3	Draai om na links in ‘n halfsirkel, terwyl die voete bly waar hulle is, sodat die linkervoet voor is, met die gewig nog op die regtervoet, EN stap-bal.
4	Verander met linkervoet wat lei, en sluit af met ‘n leunmet arms na die kant.

5,6,7,8	Herhaal.
1	Laat sak arms en draai torso (lyf) na regs, sodat die regtervoet voor is. Verplaas gewig na regtervoet ...
2	... lê terug, skop been vorentoe uit, terwyl arms in ‘n lae V oopgemaak word.
3	Terwyl hande opgehou word, plaas voet weer op die vloer, en ...
4	... verplaas dan die gewig. Met die regtergroottoon op die linkerknie, draai deur 360° na regs, terwyl jy die arms laat sak.

5	Tree na regs met regtervoet.
6	Swaai heup na regs, arms teenoorstaande.
7	Trek ribbekas in (asof jy ‘n hou in die maag gekry het) terwyl die arms boontoe gebring word,

kop na onder en met regtervoet gepunt.
Trek hande oor linkervoet tot onder, met die kop agtertoe.

- Lees die aanwysings versigtig voor jy probeer om die bewegings uit te voer en probeer dan die bewegings doen, terwyl jy die aanwysings hardop lees (of laat iemand dit hardop lees, terwyl jy die aanwysings met jou liggaam volg).
- Dit is makliker om die choreografie te doen as om dit te lees. Wees dus geduldig. Dit neem wel tyd om aan die bewegings gewoond te raak, maar sodra ‘n mens die volgorde bemeester het, word dit groot pret.
- Onthou: daar is geen reg of verkeerd nie. Jy kan die bewegings volgens jou eie styl interpreteer.

Met die volgende vier mate sal jy ‘n vlakverandering verken. Ja, ons beweeg nou vloer toe! Maak seker dat jy nog steeds goed opgewarm is voor jy dit probeer.

DIE TELLINGS	DIE BEWEGINGS
1,2	Laat sak linkerarm en lig regterarm, terwyl jy vorentoe vanuit die heupe beweeg, en laat die regtervoet vorentoe gly terwyl jy die agterste been buig.
3	Terwyl jy laer sak, berei jou voor om die gewig op jou linkerhand te neem en laat die linkerknie op die vloer rus.
4	Terwyl jy na links rol om te gaan sit, ontspan jou regterknie indien nodig. (Let wel: As jy jou hand gebruik om jou gewig te ondersteun, sal jy verhoed dat jou spiere seerkry of jou heupe beseer word. Moet nooit meer doen as wat jy met gemak kan baasraak nie.)
5	Terwyl regterheup gelig word, druk op met linkerhand terwyl jy opkyk.
6	Gaan terug na vloer, en dan ...
7	... neem jy jou regterbeen

	vorentoe om by die linkerbeen in die middel te wees. Lig voete en punt hulle, terwyl gewig verplaas word sodat dit eweredig versprei is op sitvlak ...
8	... en swaai liggaam en bene na links in ‘n halfsirkel.
EN 1	Buig jou regterknie en laat dit op die vloer rus, terwyl jy op jou voorkant draai en jou linkerbeen lig.

2	Stoot weer weg en swaai om sodat jy dieselfde aan die ander kant kan doen, ...
3	... sodat bene vorentoe beweeg, dan regsom en na agter.
EN 4	Buig linkerknie en terwyl dit op die vloer rus, draai op jou voorkant en lig regterbeen.

5	Draai liggaam na regs sodat jy met jou gewig op jou linkerelmboog rus ...
6	... en stoot heupe op met jou linkerhand, terwyl jy jou regteram oplig. Laat kop agtertoe sak.
7	Sak weer af na vloer terwyl jou regterarm opgelig bly.
EN	Laat sak arm en laat albei knieë na regs val.
8	Lig linkerarm, en hou regterarm sywaarts.

- Nadat jy dit ‘n paar keer gedoen het, sal jy sien hoe maklik dit eintlik is en hoeveel pret dit kan verskaf.
- Noudat jy die basiese stappe gedoen het, kan jy die dans ontwikkel en jou eie dans skep.
- Maak seker dat die bewegings die musiek komplementeer. Hou by die maatslag en tellings.
- Onthou: Minder is meer! Hou die volgorde eenvoudig.

Die dans: Optrede

- Nadat jy die verskillende bewegings met die

gekose musiek verken het, moet jy bewegings vir die dans kies.
- Oefen die dans.
- Doen die dans.

Aktiwiteit 3:

Om AF TE KOEL EN DIE LIGGAAM TE STREK ná die oefeninge uitgevoer is

[LU 1.3]

Dit is belangrik om die spiere wat tydens die oefeninge gebruik word te strek, en ook te sorg dat jy afkoel sodat jy behoorlik in ander klasse kan funksioneer.

Wanneer spiere tydens oefening en dans saamtrek, veroorsaak dit dat melksuur in die weefsel opbou. Indien die spiere nie gestrek en verleng word na die oefening nie, sal die opgeboude melksuur styfheid en seer spiere veroorsaak wat tot drie dae lank kan aanhou. As ‘n mens strekoefeninge doen, word die melksuur deur die spierweefsel versprei en in die liggaam geabsorbeer.

Kies musiek met ‘n stadige tempo (tussen 84 en 125 slae per minuut). Ballades is baie geskik hiervoor.

Asemhalingsoefening:

Staan met voete heupwydte van mekaar af, arms langs sye.

- Asem in deur die neus, terwyl die arms bo die kop gelig word.
- Asem uit deur die mond, terwyl jy jou arms laat val en jou knieë tegelykertyd buig.
- Herhaal vier keer.

A rmstrek:

- Hou jou regterarm oor jou bors en, met die linkerhand wat weerstand bied, forseer die gestrekte regterarm in ‘n sirkelbeweging so ver as moontlik na regs – herhaal aan die linkerkant.

Armstrek (triceps):

- Lig jou regterarm reguit op bokant jou kop.
- Buig jou arm by die elmboog – arm agter jou kop.
- Trek die regterarm stadig met jou linkerhand na links – hand op jou elmboog.
- Voel die strekking in jou triceps.
- Hou die strekking vir agt tellings.
- Ruil arms om.

Onderlyfstrek:

- Maak bene oop – knieë effens gebuig.
- Draai na regs met jou hele liggaam.
- Buig knieë tot ‘n 90 grade-hoek – hou bolyf regop – plaas jou hande op die voorste been.
- Hou die strek vir agt tellings.
- Maak jou bene reguit – laat sak jou bolyf vorentoe na die voorste been so ver as wat jy kan – plaas jou hande laer teen jou been af.
- Hou die strek vir agt tellings.
- Buig jou voorste been en plaas jou hande op die vloer.
- Bring jou hele lyf vorentoe af na die vloer toe en maak jou agterste been reguit – voet op die vloer.
- Lig die voorste deel van die voet van die gebuigde been.
- Hou die strek vir agt tellings.

- Hou hande op die vloer en neem die voorste been agtertoe langs die agterste been.
- Hou jou voete bymekaar en buig jou regterknie na die vloer toe.
- Hou die strek vir agt tellings.
- Buig linkerknie – hou vir agt tellings.
- Sit jou hakke op die vloer en loop op jou hande tot by jou voete.
- Indien jou hande nie die vloer kan raak nie, hou jou bene vas.
- Hou hierdie dyspierstrek vir agt tellings.
- Krul stadig op – jou kop kom laaste op.
- Skud al die beweegbare liggaamsdele.

- Buig na jou opvoeder om dankie te sê vir die klas.

Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 1
skepping, interpretasie en aanbiedingDie leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
DANS
1.1 danse uit populêre kulture leer en opvoer;
1.2 die volgende doen om die liggaam voor te berei:

- doen ‘n vasgestelde opwarming wat die liggaam rek en versterk;
- toon toenemende kinestetiese bewustheid, konsentrasie en bewustheid van die korrekte en veilige gebruik van die ruggraat en ledemate;
- beweeg met koördinasie en musikaliteit in passiekombinasie oor ruimte heen.

1.3 improviseer, komponeer en kombineer bewegingsmotiewe deur die gebruik van:1.3.1 bewegings of gebare;1.3.2 herhaling en stiltes;1.3.3 kontrasterende dinamika.

1.4 danspassies en kombinasies daarvan uit minstens twee style of tradisies van Suider-Afrika opvoer.

'n Definisie van populere kultuur

KUNS EN KULTUUR

Graad 8

SKEPPING, INTERPRETASIE EN AANBIEDING

Module 15

‘N DEFINISIE VAN POPULÊRE KULTUUR

VISUELE KUNS

Aktiwiteit 1:

Om populêre kultuur te definieer

[LU 1.12]

Die woord **POPULÊR** kom van die Latynse woord ‘popularis’ en beteken ‘wat aan die mense behoort’. Gedurende die twintigste eeu is populêre musiek en kuns egter verkort na popmusiek en popkuns.

Populêre kultuur is wat elke dag om ons gebeur – of dit nou klere, films, musiek of motors is, dit is alles deel van populêre kultuur. Dit maak nie saak waar jy gaan of wat jy doen nie, jy sien oral om jou wat populêr is: handelsname van klere, titels van films en advertensies wat jou gunsteling televisieprogramme of eetgoed wys. Populêre kultuur verteenwoordig ook die jongste style en giere waarvan tieners hou. Aangesien populêre kultuur met massaproduksie gepaard gaan, bepaal die massamedia en die algemene koperspubliek wat populêr is. Dit is hoekom populêre kultuur met verloop van tyd verander.

Die **media**, soos televisie, radio en tydskrifte, bombardeer die publiek met advertensies vir nuwe produkte wat almal laat dink dat ‘n sekere produk wonderlik is. **Tieners** koop gewoonlik eerste die nuwe CD-vrystellings, terwyl **invloedryke en beroemde mense** modegiere of gewilde liedjies skep, en ons verslaaf maak aan hulle televisieprogramme of films. So het elkeen byvoorbeeld ‘n gunsteling musiek- of sportster, model of akteur. **Groot maatskappye** plaas sekere mense in die kollig met geld wat deur daardie selfde publiek verskaf word. Al bogenoemde faktore skep saam ‘n **populêre kultuur.**

STAP 1

- Voltooi die volgende tabel met voorbeelde van jou eie:

VOORBEELDE VAN MY POPULÊRE KULTUUR

VERMAAK	MODE	KOS	LEWENSTYL	MUSIEK	UITHANGPLEKKE	SPORT

STAP 2

- Openbare of beroemde figure kan positiewe of

negatiewe invloede op vandag se jeug uitoefen. Maak in jou joernaal ‘n lys van positiewe en negatiewe invloede en hou dit dan vir ‘n klasbespreking.

Aktiwiteit 2:

Om artefakte, antiek en modern, asook hulle gebruike, te identifiseer

[LU 1.12]

Artefakte is voorwerpe wat deur die mens gemaak is, byvoorbeeld wapens, gereedskap, kleding, juweliersware, maskers en houers vir kos, water, ensovoorts. In argeologie verskaf artefakte belangrike leidrade tot die ontrafeling van die menslike evolusie, ekologiese toestande, asook prehistoriese beskawings. Van die oudste artefakte is ruwe klipimplemente wat tot drie miljoen jaar terug dateer.

Artefakte is dus mensgemaakte voorwerpe wat in die verlede gemaak is, maar in die hede behoue gebly het en as verteenwoordigend van sekere kulture gesien kan word. Tot so ver terug as 50 000 jaar gelede is hierdie vorm van kuns gebruik tydens rituele en seremonies waar daar byvoorbeeld van die geeste suksesvolle jagtogte gevra is. Wat ons vandag as antieke artefakte beskou, was vir daardie kulture alledaagse gebruiksvoorwerpe vir oorlewing en is beslis nie beskou as antiek of ‘n vorm van kuns nie.

Elke dag word nuwe artefakte geskep. Dink byvoorbeeld aan borde met Charles en Diana se gesigte daarop, foto’s en plaatomslae van die Beatles, klere wat deur Madonna op die verhoog gedra is, namaaksels en nuwe skeppings van Afrika-kuns, ensovoorts.

A

B

C

D

E

F

G

H 

I 

J 

K

L

Identifiseer onderstaande illustrasies. Watter van hierdie voorwerpe kan as artefakte beskou word. Klassifiseer die artefakte volgens hulle gebruike deur gebruik te maak van die tabel wat volg.

Herhaal die prosedure vir dié wat jy as moderne artefakte identifiseer.

Antieke artefakte

WAPENS	GEREEDSKAP	KLEDING	JUWELIERSWARE	VASKERS	HOUERS

Moderne artefakte

WAPENS	GEREEDSKAP	KLEDING	JUWELIERSWARE	VASKERS	HOUERS

Voeg nog items of artefakte van die twintigste of een-en-twintigste eeu by onder elke kolom in die MODERNE ARTEFAKTE-TABEL. Dink aan voorbeelde afkomstig uit die populêre kultuur of die massa-media: gewilde popsterre, sepiesterre, filmhelde, ensovoorts.

Aktiwiteit 3:

Om ‘n video-omslag te ontwerp en te skep

[LU 1.13]

STAP 1

Teken EEN voorbeeld vanuit elkeen van die sewe kolomme wat jy onder VOORBEELDE VAN MY POPULÊRE KULTUUR in Aktiwiteit 3.1 ingevul het. Probeer om soveel moontlik van die papier met die sewe afbeeldings te vul. Hierdie afbeeldings (byvoorbeeld ‘n bofbalkolf, ‘n motor, ‘n selfoon, ensovoorts) moet verteenwoordigend van JOU wees.

STAP 2

Trek met ‘n liniaal drie vertikale kolomme van 7 cm elk, en ses horisontale lyne van 5 cm elk, bo-oor jou tekening, soos ‘n skaakbord se blokkies.

STAP 3

Gebruik nou kleurpastelle of verf om alle spasies in die eerste blokkie te vul, deur eers aan die vorm of voorwerp in die blokkie ‘n **warm** kleur te gee, en dan aan die agtergrond ‘n **koue** kleur. In die volgende blokkie ruil jy die warm en koue kleure om en vul eers die vorm of voorwerp met **koue** kleur en dan die agtergrond met **warm** kleur. So word daar met elke nuwe blokkie warm en koue kleure omgeruil.



Aktiwiteit 4:

Om ‘n artefakte-houer te skep

[LU 1.14]

STAP 1

Bring ‘n kartonhouer klas toe. Die grootte maak nie saak nie, solank die houer ‘n deksel het.

STAP 2

Skeur nou stukkies papier uit ou tydskrifte om op die houer te plak, maar besluit eers watter twee komplementêre kleure jy gaan kies vir jou houer, byvoorbeeld ROOI en GROEN of GEEL en PERS of BLOU en ORANJE. Die deksel kan met een kleur bedek word en die houer self met die ander kleur OF die houer en deksel kan met albei kleure afgewissel word om patrone en/of vorms te skep.

STAP 3

Plak nou die video-omslag wat jy in die vorige aktiwiteit gemaak het, bo-op die deksel.

STAP 4

Laastens moet jy ten minste vyf persoonlike

artefakte, wat eie aan JOU is, binne-in die houer plaas. Hierdie artefakte kan ook gemaak word of jy kan klaargemaakte artikels gebruik. Die hele klas se houers kan dan uitgestal word in ‘n beskikbare lokaal in die skoolgebou.

Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 1
skepping, interpretasie en aanbiedingDie leerder is in staat om werk in elk van die kunsvorme te skep, te interpreteer en aan te bied.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
DANS
1.1 danse uit populêre kulture leer en opvoer;
1.2 die volgende doen om die liggaam voor te berei:

- doen ‘n vasgestelde opwarming wat die liggaam rek en versterk;
- toon toenemende kinestetiese bewustheid, konsentrasie en bewustheid van die korrekte en veilige gebruik van die ruggraat en ledemate;

- beweeg met koördinasie en musikaliteit in passiekombinasie oor ruimte heen.

1.3 improviseer, komponeer en kombineer bewegingsmotiewe deur die gebruik van:1.3.1 bewegings of gebare;1.3.2 herhaling en stiltes;1.3.3 kontrasterende dinamika.

1.4 danspassies en kombinasies daarvan uit minstens twee style of tradisies van Suider-Afrika opvoer.

DRAMA

1.5 'n eenvoudige opwarmingsroetine, gebaseer op die onderwyser se oefeninge, saamstel om met die klas te deel;

1.6 met die onderwyser se bystand deelneem aan die skep en aanbieding van 'n geskrewe skets of afgeronde improvisasie wat op populêre kultuur gebaseer is. Hierdie item behoort:

1.6.1 kennis van die teikengehoor te toon;

1.6.2 hulpmiddels wat tot die stuk bydra, te gebruik;

1.6.3 gepaste dramatiese elemente te gebruik;

1.6.4 ander kunsvorme in te sluit;

MUSIEK

1.8 liedjies of musiek uit die populêre of plaaslike kultuur leer en aanbied;

VISUELE KUNS

1.12 'n artefak aanbied waarin idees uit die populêre kultuur of massamedia gebruik word;

1.13 kuns, kunshandwerk of ontwerpstukke skep wat die volgende toon:

1.13.1 differensiasie tussen die organiese en nie-organiese aspekte van die geboude en natuurlike

omgewing in die ontwerp, waarnemingstekenwerk en tweedimensionele en driedimensionele werk;
1.13.2 interpretasie en uitdrukking van eie begrip van kultuur en erfenis;
1.14 onafhanklik eie kunswerke vir ‘n skoolaanbieding selekteer, aanbied en monteer.